

DIE BESTAANSREG VAN 'N BESIGHEIDSTRUST

Navorsingsverslag ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister
Legum in Boedelreg vir die Noordwes Universiteit Potchefstroom Kampus

deur

M LAMPRECHT
13072048

Studieleier: Prof E Van der Schyff
Medestudieleier: Dr JP Coetzee

November 2010

INHOUDSOPGAWE

Opsomming	1
1 Inleiding	2
2 Die Trust	4
2.1 Omskrywing van 'n trust	4
2.2 Essentialia van 'n trust	6
2.3 Die partye tot 'n trust	7
2.3.1 Die oprigter	7
2.3.2 Die trustee	8
2.3.3 Die begunstigde	8
2.4 Regsaard en klassifikasie van trusts	9
2.4.1 Die onstaansbron van die trust	10
2.4.1.1 Die oprigtingshandeling in lewe as onstaansbron	10
2.4.1.2 Testament as onstaansbron	12
2.4.2 Diskresie van die trustee	16
2.4.2.1 Diskresionêre trust	16
2.4.2.2 Die bewindtrust	17
2.4.3 Die doel waarvoor die trust opgerig is	19
3 Die besigheidstrust	21
3.1 Die omskrywing, essensiële vereistes en klassifikasie van die besigheidstrust	21
3.2 Soorte besigheidstrusts	25
3.3 Voordele van die besigheidstrust	27
3.4 Nadele en kritiek teen die besigheidstrust	29
3.4.1 Artikel 30(1) van die Maatskappywet 61 van 1973	30
3.4.2 Turquand-reël	30
3.4.3 Verbreking van die fidusiêre plig	34
3.5 Gebruiksmoontlikhede van die besigheidstrust	35
4 Gevolgtrekking	38
Bibliografie	41

SYNOPSIS

The business trust has become a popular vehicle for conducting business in South Africa. In order to gain legal certainty it is necessary to establish the legal nature of the business trust and to establish whether the business trust has independent existence within the South African law or whether it is just a specific category of the trust as legal figure. In order to answer this question it has to be established if the business trust differs from the trust figure as its known by the South African law or whether the term “business” only refers to the purpose of the trust. It has to be kept in mind that a trust can be classified on the ground of its existence, the nature of discretion of the trustee and the purpose of the trust. In this study it is indicated that the business trust complies with all the *essentialia* of the trust figure and that the business trust is classified as such on the ground of the purpose of the trust. The business trust therefore has no independent existence within the South African law and it is merely a category of trusts as it exists in South African law.

OPSOMMING

In die Suid-Afrikaanse reg word die trustfiguur almeer gebruik as entiteit om 'n besigheid te bedryf en word dan 'n besigheidstrust genoem. Ter wille van regsekerheid is dit noodsaaklik om die regsbasis van die besigheidstrust deeglik te ondersoek. Die navorsingsvraag wat die studie onderlê is dus wat die aard en omvang van die regsfiguur bekend as 'n besigheidstrust is en of dié figuur enige onafhanklike bestaansreg binne die Suid-Afrikaanse reg het? Ten einde die hierdie vraag te beantwoord moet daar bepaal word of die besigheidstrust dan verskil van die algemeen bekende trustfiguur en of dit bloot maar 'n ander naam is vir dieselfde regsverskynsel, met ander woorde of die term “besigheid” bloot verwys na die gebruik of toepassing/doel van die trust. Daar moet verder in ag geneem word dat trusts in Suid-Afrika op verskillende wyses geklassifiseer word. Soms na aanleiding van die oprigtingshandeling, soms na aanleiding van die graad van diskresie wat aan trustees van 'n trust verleen word, en soms op sterkte van die doel waarvoor dit opgerig word (soos om besigheid te doen). In hierdie studie is aangedui dat die besigheidstrust 'n trust is soos wat dit in die Suid-Afrikaanse reg bekend is en wat op grond van sy doel geklassifiseer word aangesien die besigheidstrust omskryf word as 'n trust wat hoofsaaklik gebruik word vir die voortbrenging van 'n besigheid met die doel om wins te maak. Die besigheidstrust voldoen aan al die *essentialia* van die trustfiguur. Daar is dus geen verskil tussen die trustfiguur en die besigheidstrust wat 'n afsonderlike bestaansreg van die besigheidstrust regverdig nie.

1 Inleiding

In die Suid-Afrikaanse reg word die trustfiguur almeer gebruik as entiteit om 'n besigheid te bedryf en word dan 'n besigheidstrust genoem.¹ Daar word verskeie redes aangevoer vir die gebruik van die besigheidstrust. Van die redes is onder andere dat daar min oprigtingsvereistes daarvoor bestaan, dat daar weinig openbaarmakingsvereistes vir die figuur gestel word,² dat dit buigsaam en aanpasbaar is asook beperkte aanspreeklikheid verskaf vir sy lede.³ Aan die anderkant word die figuur gekritiseer juis vanweë die feit dat daar weinig openbaarmakingsvereistes vir die figuur gestel word,⁴ dat die inherente eienskappe van die trustfiguur dit nie uitleen om besighedsrisikos te neem nie, dat dit onseker is wat die regs aard en omvang van die figuur is en of erkende regs beginsels soos onder andere die Turquand-reël daarop toegepas kan word.⁵ Ter wille van regsekerheid is dit noodsaaklik om die regsbasis van die besigheidstrust deeglik te ondersoek. Die navorsingsvraag wat die studie onderlê is dus wat die aard en omvang van die regsfiguur bekend as 'n besigheidstrust is en of dié figuur enige onafhanklike bestaansreg binne die Suid-Afrikaanse reg het?

Ten einde die bogenoemde vraag te beantwoord moet daar bepaal word of die besigheidstrust dan verskil van die algemeen bekende trustfiguur en of dit bloot maar 'n ander naam is vir dieselfde regsverskynsel, met ander woorde of die term "besigheid" bloot verwys na die gebruik of toepassing/doel van die trust. Daar moet verder in ag geneem word dat trusts in Suid-Afrika op verskillende wyses geklassifiseer word.⁶

¹ Theron "Regulering van die besigheidstrust" 1991 SALJ 277; *Ex parte Estate Klosterschulte* 1962 2 SA 314 (T); *Ex parte Elands Properties* 1945 TDP 37.

² Honoré en Cameron *Law of Trusts* 74; Klopper *Besigheidstrust* 597.

³ Wunsh "Trading and business trusts" 1986 SALJ 569; Klopper *Besigheidstrust* 594.

⁴ Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* par B4.2.3.

⁵ Die *turquand*-reël was oorspronklik geformuleer in *Royal British Bank v Turquand* 1856 6 E&B 327; *MAN Truck & Bus (SA) Ltd v Victor* 2001 2 SA 562 (NK). Die *turquand*-reël bepaal dat 'n party wat *bona fide* met 'n maatskappy kontrakteer kan aanvaar dat die maatskappy al die interne reëls en prosedures nagekom het by die sluiting van die betrokke kontrak. Die probleem wat hier ontstaan is dat daar onsekerheid bestaan of hierdie reël ook van toepassing moet wees op die besigheidstrust. sien die bespreking in par 3.5.

⁶ Coetzee *Trustbegunstigdes se regte* 114.

Soms na aanleiding van die oprigtingshandeling,⁷ soms na aanleiding van die graad van diskresie wat aan trustees van 'n trust verleen word,⁸ en soms op sterkte van die doel waarvoor dit opgerig word (soos om besigheid te doen).⁹ Dieselfde trust kan verskillend geklassifiseer word, afhangende van welke klassifikasie metode gebruik word.¹⁰ Daar moet egter vasgestel word of die regsraad en omvang van die verskillend geklassifiseerde trusts verskil en of dit bloot maar net verskillende benamings is wat lukraak gebruik word vir dieselfde regsfiguur. Daar sal verder vasgestel moet word of die verskillende benamings enige doel dien of bloot bydra tot regsonsekerheid. Dit gaan dus noodsaaklik wees om die regsraad en omvang van die trustfiguur te ondersoek deur na die omskrywing van die trustfiguur te kyk. Die partye tot die trust gaan daarna bespreek word asook die wesenskenmerke van die trust. Die klassifikasie van die trustfiguur gaan verder bespreek word en daarna sal bepaal word of en hoe die besigheidstrust in die bestaande klassifikasie inpas of aan die bestaande klassifikasie voldoen.

⁷ *Hofer v Kevitt* 1996 2 SA 402 (K) 405E; *Jowell v Bramswell- Jones* 1998 1 SA 836 (W) 853 B; *Coetzee v Peet Smith Trust* 2003 5 SA 674 (T) 676G. In hierdie sake word daar na die *inter vivos* trust en *mortis causa* trust verwys.

⁸ *Webb v Davis* 1998 2 SA 975 (HHA) beslis dat trustbegunstigdes gevestigde regte of voorwaardelike regte kan besit en dit sal dus die regte van die trustees bepaal; Stander "Hoe Veilig is Bates in 'n Trust" 1999 TRW 146.

⁹ *Peterson v Claassen* 2006 5 SA 191 (K) 196G.

¹⁰ Pace en Van der Westuizen *Wills and Trusts* par B3. 'n Trust kan geklassifiseer word op grond van die onstaansbron van die trust, op grond van die diskresie wat aan die trustees in terme van die trustakte verleen word of op grond van die doel waarvoor die trust gestig word.

2 Die Trust

Die trustfiguur is 'n regsfiguur wat algemeen bekend is in Suid-Afrika en voor die bestaansreg van die besigheidstrust bespreek gaan word is dit noodsaaklik om ondersoek in te stel na die omskrywing van die trustfiguur asook na die ontstaansbron daarvan, partye tot die trust, wesenskenmerke van die trust en die klassifikasie daarvan. Daarna sal die besigheidstrust aan die hand hiervan beoordeel moet word om te bepaal hoe die besigheidstrust as verskyningsvorm van die trust figureer. In hierdie hoofstuk gaan die trustfiguur volgens die Suid-Afrikaanse reg eers ondersoek word ten einde die laasgenoemde te bepaal.

2.1 Omskrywing van 'n trust

Artikel 1 van die *Wet op Beheer van Trustgoed*¹¹ bepaal dat 'n "trust" omskryf kan word as die ooreenkoms waardeur die eiendomsreg in eiendom van een persoon deur middel van 'n trustinstrument bemaak word:

- (a) aan 'n ander persoon, die trustee, geheel of gedeeltelik, om geadministreer of vervreem te word ooreenkomstig die bepalings in die trustinstrument ten gunste van 'n persoon of groep persone wat aangewys is deur die trustinstrument of vir die bereiking van 'n doel soos uiteengesit in die trustinstrument;¹² of
- (b) aan die begunstigdes aangewys in die trustinstrument, welke eiendom onder die beheer geplaas word van 'n ander persoon, die trustee, om geadministreer of vervreem te word ooreenkomstig die bepalings van die trustakte ten gunste van 'n persoon of groep persone wat aangewys is deur die trustinstrument of vir die bereiking van 'n doel soos uiteengesit in die trustinstrument, maar sluit nie in eiendom van 'n ander persoon wat geadministreer word deur enige persoon as eksekuteur, voog of kurator in terme van die bepalings van die *Wet op Administrasie van Boedels* 66 van 1965 nie.¹³

¹¹ *Wet op Beheer oor Trustgoed* 57 van 1988.

¹² Artikel 1(a) van die *Wet op Beheer oor Trustgoed* 57 van 1988.

¹³ Artikel 1(a) van die *Wet op Beheer oor Trustgoed* 57 van 1988.

Cameron *et al*¹⁴ omskryf 'n trust as 'n regsfiguur waarin 'n trustee eiendom hou en administreer afsonderlik van sy eie, tot voordeel van 'n ander persoon of persone of vir ander doeleindes. Olivier¹⁵ omskryf die trust as 'n regsverskynsel waar 'n tussenganger, die trustee, in ooreenstemming met die opdrag van 'n ander persoon, naamlik die oprigter of skenker, trusteeiendom as eienaar behou, nie tot die trustee se persoonlike voordeel nie, maar ten gunste van bepaalde of bepaalbare persone of vir 'n onpersoonlike doel. De Waal¹⁶ omskryf die trust as 'n ooreenkoms waarvolgens een persoon verplig is om eiendom te hou en te administreer namens 'n ander persoon vir 'n onpersoonlike doel en nie vir sy eie voordeel nie.

Uit die bogaande definisies is dit duidelik dat 'n trust in die algemeen omskryf word as 'n regsfiguur waarvolgens 'n persoon, naamlik die trustee, vermoënsregte *ex contractu* of *ex testamento* vanaf die trustoprigter verkry.¹⁷ Die trustee is ingevolge die bepaling van die trustakte verplig om hierdie vermoënsregte uit te oefen ten behoeve van 'n bepaalde of bepaalbare persoon of persone, naamlik die trustbegunstigdes.¹⁸ Die vermoënsregte kan ook uitgeoefen word ten behoeve van 'n geoorloofde en bepaalde of bepaalbare onpersoonlike doel, maar nooit tot voordeel van die trustee self nie, behalwe indien hy ook 'n trustbegunstigde is.¹⁹ Uit hierdie algemene omskrywing blyk dit dat die regsfiguur sekere kenmerke bevat, en dit gaan vervolgens bespreek word.

¹⁴ Cameron *et al* *Law of trusts* 1.

¹⁵ Olivier *Trustreg en Praktyk* 4-5; Coetzee *Trustbegunstigdes se regte* 127. So 'n trust word ook 'n trust in 'n eng sin genoem.

¹⁶ De Waal "The Core Elements of the Trust: Aspects of the English, Scottish and Aouth African Trusts compared" 2000 *SALJ* 548.

¹⁷ Sher "A closer look at trust law" 2005 *ISSN* 77.

¹⁸ Joubert "'n Kritiese beskouing van Honoré se Opvatting oor ons Trustreg" 1968 *THRHR* 130.

¹⁹ *Lorentz v TEK Corporation Provident Fund* 1998 1 SA 192 (W) 221H.

2.2 *Essentialia van 'n trust*

Uit die voorgaande bespreking is daar aangedui dat die kenmerke of vereistes van 'n trust vanuit die definisie van die trust afgelei kan word. Die bekendste oorhoofse klassifikasie van trusts onderskei tussen die *mortis causa* trust en die *inter vivos* trust.²⁰ Hoewel hierdie klassifikasie in meer besonderhede bespreek word in paragraaf 2.4.1 moet dit nou reeds gemeld word dat daar verskillende vereistes vir 'n *inter vivos* trust en 'n *mortis causa* trust bestaan en daar is nie eenstemmigheid rakende die vereistes vir die totstandkoming van 'n trust en die voortbestaan van 'n trust nie.²¹ Die *inter vivos* trust en die *mortis causa* trust word geklassifiseer op grond van die trust se ontstaansbron deurdat die *inter vivos* trust opgerig word deur 'n ooreenkoms of 'n kontrak wat gesluit word en 'n *mortis causa* trust ontstaan deur 'n testament wat opgestel word en by die dood van die testateur in werking tree.²² 'n Verdere rede vir die onsekerheid wat bestaan rakende die essensiële vereistes van 'n trust hou verband met die klassifikasie van die trustfiguur wat dan verskillende verskyningsvorme van die trustfiguur na vore bring.²³

Alhoewel daar nie eenstemmigheid is oor die essensiële vereistes van 'n trust nie, kan sekere algemene en ooreenstemmende essensiële vereistes en wesenskenmerke soos volg opgesom word. Eerstens moet die oprigter die bedoeling hê om 'n trust op te rig.²⁴ Tweedens moet die oogmerk waarvoor die trust opgerig word, regmatig wees.²⁵ Derdens moet die oprigter verplig wees om beheer oor die trustbates ten gunste van 'n ander oor te dra op voorwaarde dat die eiendom beskerm word ten gunste van die trustbegunstigdes.²⁶ Vierdens word trustees met 'n openbare amp bekleë waaruit 'n

²⁰ Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* par B3.

²¹ Olivier *Trustreg en Praktyk* 38; Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* par B8.1.

²² Sien par 2.2.1.

²³ Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* par B3. Die trustfiguur word op verskillende wyses geklassifiseer, maar die wese van die trustfiguur bly steeds dieselfde ongeag van die klassifikasie daarvan.

²⁴ Cameron *et al Law of trusts* 118. Die bedoeling om 'n trust op te rig kan afgelei word vanuit die trustakte.

²⁵ *Peterson v Claassen* 2006 5 SA 191 (K) 196G.

²⁶ Du Toit *South African Trust Law* 6.

fidusiêre verhouding by trustoprigting *ex lege* ontstaan wat onafhanklik voortduur.²⁷ Vyfdens moet die begunstigdes bepaal of bepaalbaar wees en dit moet ook duidelik wees ten gunste van wie die hof nakoming van trustbepalings kan afdwing.²⁸ Laastens moet die trusteeendom met redelike sekerheid bepaalbaar wees.²⁹

Die bogenoemde is dus die essensiële vereistes waaraan voldoen moet word alvorens daar sprake kan wees van 'n trust. Afgesien van hierdie vereistes is daar ook verskeie partye betrokke by 'n trust wat nodig is vir die totstandkoming van 'n trust. Die fokus van die onderstaande bespreking sal nou op gemelde partye tot die trust gerig wees.

2.3 Die partye tot 'n trust

Uit die omskrywing en die wesenskenmerke van die trust kan daar afgelei word dat die partye betrokke is by die trust die oprigter,³⁰ die trustee³¹ en die begunstigde is.³² Elkeen van die partye tot die trust gaan vervolgens bespreek word.

2.3.1 Die oprigter

Die oprigter is die persoon of entiteit³³ wat die trust oprig deur eiendom in 'n trust oor te dra aan die trustee met die bedoeling om 'n trust op te rig.³⁴ In die geval van 'n *mortis causa* trust is die oprigter 'n testateur wat die trust eensydig in sy testament skep.³⁵ In die geval van 'n *inter vivos* trust is die oprigter die persoon wat 'n ooreenkoms met 'n trustee aangaan tot voordeel van die begunstigde of begunstigdes.³⁶ In hierdie konteks

²⁷ Coetzee *Trustbegunstigdes se regte* 143.

²⁸ *Harter v Epstein* 1953 1 SA 287 (A); Indien die doel van die trust nie voldoende gedefinieer is nie, sal die trust ophou om te bestaan.

²⁹ Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* par B8.3.

³⁰ *Crookes v Watson* 1956 1 SA 277 (A) 282D.

³¹ *Braun v Blann and Botha* 1984 2 SA 850 (A) 859H.

³² *Cameron et al Law of trusts* 4.

³³ *Welch's Estate v Commissioner, South African Revenue Service* 2005 4 SA 173 (HHA) 195D; Du Toit *South African Trust Law* 5; Die oprigter kan 'n natuurlike persoon wees of 'n regs persoon.

³⁴ Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* par B6.1. Dit is moontlik om meer as een oprigter te hê.

³⁵ Corbett *et al The Law of Succession in South Africa* 34.

³⁶ Olivier *Trustreg en Praktyk* 29-30.

verwys 'n oprigter na 'n persoon wat bevoeg is om 'n ooreenkoms aan te gaan en sluit dit een of meer natuurlike persone of regs persone in.³⁷

2.3.2 Die trustee

'n Trustee is die party wat die trusteeiendom vanaf die oprigter ontvang en hiërdie eiendom hou, administreer en beheer.³⁸ Die trustee hou, beheer of administreer egter nie die eiendom tot sy eie voordeel nie, maar ten gunste van iemand anders of vir 'n onpersoonlike doel.³⁹ 'n Trust kan geadministreer word deur 'n enkele trustee, maar daar word in die meeste gevalle van meer as een trustee gebruik gemaak om die trust te administreer.⁴⁰ Die trustee het 'n fidusiêre verpligting om die trust en trustbates in belang van die begunstigdes te bedryf.⁴¹ Die trustee moet verder die trustbates bewaar en versorg⁴² en mag nie onnodige risikos neem nie.⁴³ Die trustee is gebonde aan die trustakte waarin die oprigter die regte en verpligtinge van die trustee uiteensit.⁴⁴

2.3.3 Die begunstigde

Die begunstigde is die party wat 'n voordeel ontvang uit die oprigting en die administrasie van die trust.⁴⁵ In die algemeen kan daar onderskei word tussen

³⁷ Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* par B6.1.

³⁸ Van Der Linde *Finweek* 55. Hoewel trustees deur die oprigter aangestel word, moet die meester die aanstelling bekragtig deur 'n magtigingsbrief uit te reik. Hy vereis sekere eienskappe van trustees om 'n sekere mate van bevoegdheid te verseker.

³⁹ *Braun v Blann and Botha* 1984 2 SA 850 (A) 859H.

⁴⁰ *Land and Agricultural Development Bank of SA v Parker* 2004 4 All SA 261 (HHA) 276a-b; *Tijmstra v Blunt-MacKenzie* 2002 1 SA 459 (T) 464B.

⁴¹ *Sher* 2005 *ISSN* 77; *Land and Agricultural Bank of South Africa v Parker* 2005 2 SA 77 (HHA) 86; *Colonial Banking and Trust Co Ltd v Estate Hughes* 1932 AD 1; *Jowell v Bramwell-Jones* 2000 3 SA 274 (HHA) 284G-285A.

⁴² *Simplex (Pty) Ltd v Van der Merwe & Others* 1999 4 SA 71 (W) par 5. Die trustee kan persoonlik aanspreeklik wees indien die trustbates beskadig word of nie behoorlik bewaar is nie.

⁴³ Flannigan "Beneficiary Liability in Business Trusts" *Est & Tr* 281. Die trustee is aanspreeklik vir sy optrede tydens die administrasie van die trust. In die geval van 'n besigheidstrust is die trustee volle beheer oor die trustbates en sal dus die trustee persoonlik aanspreeklik wees vir die besigheidsverrigtinge.

⁴⁴ De Waal "The Core Elements of the Trust: Aspects of the English, Scottish and South African Trusts Compared" 2000 *SALJ* 548; *Yarram Trading CC t/a Tijuana Spur v ABSA Bank Ltd* 2007 2 SA (HHA) 576G-H.

⁴⁵ Du Toit *South African Trust Law* 6.

kapitaalbegunstigdes en inkomstebegunstigdes.⁴⁶ Die inkomstebegunstigde ontvang die inkomste wat gegeneer word uit die administrasie van die trusteiendom deur die trustee.⁴⁷ Die kapitaalbegunstigde ontvang die trusteiendom self of die kapitaal by die beëindiging van die trust.⁴⁸ 'n Trust kan egter ook vir 'n onpersoonlike doel opgerig word wat 'n kenmerk is van 'n liefdadigheidstrust waar geen individuele begunstigde aangewys te word nie.⁴⁹ In sommige gevalle is daar een of ander vorm van verwantskap tussen die oprigter en die begunstigdes.⁵⁰ Dit gebeur soms dat daar 'n familieverwantskap bestaan tussen die oprigter en die begunstigdes en soms bestaan daar 'n ander soortgelyke band, byvoorbeeld 'n vriendskaplike verhouding tussen die oprigter en die begunstigdes.⁵¹

Nou dat die omskrywing, wesenskenmerke en partye van 'n trust bespreek is, moet daar in ag geneem word dat die trust in die Suid-Afrikaanse reg verder ook op grond van klassifikasie manifesteer in verskeie konstruksies. Die klassifikasie gee dus aanleiding tot verskillende verskyningsvorme vir dieselfde regsfiguur.⁵² Die regs aard en klassifikasie van die trust gaan vervolgens bespreek word.

2.4 Regsaard en klassifikasie van trusts

In die Suid-Afrikaanse reg word onderskei tussen verskillende vorme waarin die trustfiguur manifesteer.⁵³ Hierdie onderskeid geskied op grond van:

- (a) die onstaansbron van die trust;⁵⁴
- (b) die diskresie wat aan die trustees in terme van die trustakte verleen word;⁵⁵ en/of

⁴⁶ *Braun v Blann and Botha* 1984 2 SA 850 (A) 859H.

⁴⁷ Du Toit *South African Trust Law* 6.

⁴⁸ *Commissioner, South Africa Revenue Service v Dyefin Textiles (Pty) Ltd* 2002 4 SA 606 (N) 608E.

⁴⁹ De Waal en Schoeman-Malan *Introduction to the Law of Succession* 171; *Deedat v The Master* 1995 2 SA 377 (A) 383E.

⁵⁰ Olivier en Van den Berg *Praktiese boedelbeplanning* 195.

⁵¹ Olivier en Van den Berg *Praktiese boedelbeplanning* 195. In die geval waar daar 'n familieverwantskap bestaan tussen die oprigter en die begunstigdes, staan die trust bekend as 'n familietrust. Indien daar 'n soortgelyke band bestaan tussen die oprigter en die begunstigdes, staan die trust bekend as 'n private trust.

⁵² Coetzee *Trustbegunstigdes se regte* 114.

⁵³ Pace en Van der Westuizen *Wills and Trusts* par B3.

⁵⁴ Pace en Van der Westuizen *Wills and Trusts* par B3. Die trust *mortis causa* en die trust *inter vivos* is hier ter sprake.

(c) die doel waarvoor die trust gestig word.⁵⁶

In die praktyk het die verskille wat voortvloei uit die bogenoemde onderskeidende faktore aanleiding daartoe gegee dat trusts in sekere identifiseerbare kategorieë geklassifiseer kan word.⁵⁷ Elkeen van die bogenoemde gronde waarop die trust geklassifiseer word, gaan vervolgens bespreek word.

2.4.1 Die onstaansbron van die trust

In die Suid-Afrikaanse reg kan 'n trust by wyse van 'n ooreenkoms gedurende die lewe van die oprigter opgerig word en staan dan bekend as 'n *inter vivos* trust.⁵⁸ 'n Trust kan volgens die Suid-Afrikaanse reg ook by wyse van 'n testament opgerig word en staan dan bekend as 'n *mortis causa* trust⁵⁹ of 'n testamentêre trust.⁶⁰ Daar is verskillende regsreëls van toepassing op die bogenoemde trusts aangesien hulle verskillende onstaansbronne het.⁶¹ In hierdie geval word die trust op grond van sy onstaansbron geklassifiseer, naamlik by wyse van 'n oprigtingshandeling tydens die lewe van die oprigter of by wyse van 'n testamentêre geskrif.

2.4.1.1 Die oprigtingshandeling in lewe as onstaansbron

Die *inter vivos* trust word gestig deur 'n ooreenkoms of kontrak wat gesluit word.⁶² Die *inter vivos* trust word beskou as 'n kontrak tussen die oprigter (*stipulans* of *stipulator*) en die trustee (*promittens* of *promissor*) ten behoeve van begunstigdes, met ander woorde 'n *stipulatio alteri*.⁶³ Die trustbegunstigde verkry nie kontraktuele regte voor

⁵⁵ Stander 1999 TRW 146.

⁵⁶ Du Toit *South African Trust Law* 30.

⁵⁷ Olivier *Trust law and Practice* 107. Die klassifikasie van trusts is verder belangrik as dit by die bestaansreg van die besigheidstrust in die Suid-Afrikaanse reg kom.

⁵⁸ *Hofer v Kevitt* 1996 2 SA 402 (K) 405E; *Jowell v Bramswell- Jones* 1998 1 SA 836 (W) 853 B.

⁵⁹ *Coetzee v Peet Smith Trust* 2003 5 SA 674 (T) 676G.

⁶⁰ *Burnett v Kohlberg* 1984 2 SA 137 (E) 140E; *De Reszke v Maras* 2003 6 SA 676 (K) 679 H.

⁶¹ *Coetzee Trustbegunstigdes se regte* 114.

⁶² *Davis et al Estate Planning* 5-6.

⁶³ Olivier *Trustreg en Praktyk* 30-31 voer aan dat dat die *inter vivos* trust deur 'n kontrak tot stand kom tussen die oprigter en die trustee; *Joubert v Van Rensburg* 2001 1 SA 753 (W) 768A-C;

aanvaarding van die voordele voortspruitend uit die beding ten behoeve van 'n derde nie.⁶⁴ Die oprigter en die trustee kan dus die trustakte wysig voor aanvaarding en sonder tussentreding van die trustbegunstigde.⁶⁵ Aangesien die *inter vivos* trust ontstaan by wyse van 'n kontrak, is die oprigtingshandeling meersydig.⁶⁶ Verder is die wysiging van 'n *inter vivos* trust se trustakte,⁶⁷ die beëindiging van 'n *inter vivos* trust en die aanvaarding van voordele deur begunstigdes ook kontraktuele sake en word beheer deur die reëls wat van toepassing is op die *stipulatio alteri*.⁶⁸ Die interpretasie reëls in verband met skriftelike kontrakte word toegepas op die trustakte van 'n *inter vivos* trust.⁶⁹ Sake wat verband hou met die amp van trustees en die fidusiêre plig wat 'n trustee van 'n *inter vivos* trust teenoor 'n trustbegunstigde het, is nie volkome kontraktueel van aard nie en kan daarom nie beheer word deur reëls van die *stipulatio alteri* nie.⁷⁰ Die amp van trustees word derhalwe beheer deur die howe sowel as wetgewing en die fidusiêre plig word bepaal deur die gemenerereg.⁷¹ Daar moet dus 'n onderskeid getref word deur die oprigting van 'n *inter vivos* trust aan die een kant en die trust opsigself aan die ander kant.⁷² Nou dat die aard en die onstaansbron van die *inter vivos* trust bespreek is, gaan die aard en onstaansbron van die *mortis causa* trust bespreek word.

Commissioner for Inland Revenue v Smollan's Estate 1955 3 SA 266 (A) 272C-D; *Crookes v Watson* 1956 1 SA 277 (A) 285F-G; Word ook genoem beding ten behoeve van 'n derde.

⁶⁴ *Crookes NO v Watson* 1965 1 SA 277 (A) 288A.

⁶⁵ Coetzee *Trustbegunstigdes se regte* 113.

⁶⁶ *Griessel v Bankorp Trust Bpk* 1990 2 SA 328 (O) 333J; *Crookes v Watson* 1956 1 SA 277 (A) 305A-B; Olivier *Trustreg en Praktyk* 29-30. Olivier is van mening dat die oprigter eensydig bepaal of hy 'n trust wil oprig, watter bates in die trust gehou moet word, wie die trustbegunstigdes moet wees, die aard en omvang van die trustbegunstigdes se regte, wanneer die trustbegunstigdes voordele uit die trustinkomste en bates sal verkry, en ook die aard en omvang van die trustees se bevoegdhede.

⁶⁷ *Hofer v Kevitt* 1998 1 SA 382 (HHA).

⁶⁸ Du Toit *South African Trust Law* 19.

⁶⁹ *Erwee v Erwee* 2006 1 All SA 626 (O) 628h; In *Cinema City Ltd v Morgenstein Family Estates (Pty) Ltd* 1980 1 SA 42 796 (A) 804 is daar beslis dat die bedoeling van die kontrakterende partye vasgestel moet word en uiting gegee moet word aan hierdie bedoeling.

⁷⁰ Du Toit *South African Trust Law* 19.

⁷¹ Artikel 6(1), 10 en 11(1)(a) van die *Wet op Beheer oor Trustgoed* 57 van 1988; *Joubert v Van Rensburg* 2001 1 SA 753 (W) 768I; *Van der Westhuizen v Van Sandwyk* 1996 2 SA 490 (W) 492G; *Mariola v Kaye-Eddie NO* 1995 2 SA 728 (W) 729D-E.

⁷² Du Toit *South African Trust Law* 19. Die oprigting van die *inter vivos* trust word beheer deur kontraktuele beginsels, wat nie noodwendig die *inter vivos* trust 'n kontrak maak nie.

2.4.1.2 Testament as ontstaansbron

Alvorens die onstaansbron van die *mortis causa* trust bespreek gaan word, is dit noodsaaklik om kortliks na die regs aard van die *mortis causa* trust te kyk. In *Estate Kemp v McDonald's Trustee*⁷³ het die appèlhof die testamentêre trust aan die hand van die *fideicommissum* verklaar en aanvaar. Hierdie benadering het ingehou dat 'n trustee se posisie soortgelyk is aan die posisie van die *fiduciarius*.⁷⁴ 'n Kenmerk van die *fideicommissum* is egter dat die *fiduciarius* 'n voordelige belang verkry in die eiendom van die *fideicommissum* wanneer die eiendom in hom gevestig is terwyl 'n trustee aan die ander kant nie so 'n belang in die trusteeiendom verkry nie.⁷⁵ Gedurende die tyd van hierdie beslissing het 'n *fiduciarius* en *fideicommissarius* nie gelyktydig regte verkry in terme van die Suid-Afrikaanse reg nie.⁷⁶ Die *fiduciarius* as eerste begunstigde het eiendomsreg ontvang in die eiendom van die *fideicommissum* terwyl die *fideicommissarius* as die uiteindelijke begunstigde slegs kon hoop op die verkryging van hierdie eiendom in die toekoms. Slegs by die voldoening aan die voorwaarde van die *fideicommissum*, sal die *fiduciarius* se regte staak en sal die *fideicommissarius* se regte tot stand kom.⁷⁷

Hierdie beslissing het egter kritiek opgelewer.⁷⁸ In *Braun v Blann and Botha*⁷⁹ het die Appèlhof uiteindelik van die geleentheid gebruik gemaak om oor die korrektheid van die

⁷³ *Estate Kemp v McDonald's Trustee* 1915 AD 491.

⁷⁴ *Estate Kemp v McDonald's Trustee* 1915 AD 499 en 512-513.

⁷⁵ *Braun v Blann and Botha* 1984 2 SA 850 (A) 859H.

⁷⁶ Du Toit *South African Trust Law* 16.

⁷⁷ Dit was eers in *Barnhoorn v Duvenhage* 1964 2 SA 486 (A) beslis dat die *fideicommissarius* eers die houër van 'n persoonlike reg is by die voldoening van voorwaarde van die *fideicommissum*. Ten einde hierdie struikelblokke te oorkom moes die hof eers gekyk het na die Romeinse regtelike beginsel, naamlik die *fideicommissum purum*. Die *fideicommissum purum* het ingehou dat die *fiduciarius* verplig was om die eiendom van die *fideicommissum* onmiddelik oor te dra aan die *fideicommissarius*, met ander woorde die *fiduciarius* het as 'n geleibuis opgetree en het geen voordelige belang in die eiendom van die *fideicommissum* verkry nie. Uit die tydelike reg wat die *fiduciarius* verkry en die amper onmiddelike verkryging van regte deur die *fideicommissarius*, was die afgeleiding gemaak dat die *fiduciarius* en die *fideicommissarius* gelyktydig eienaars van die eiendom van die *fideicommissum* was. Hierdie posisie stem ooreen met die opvatting van die Engelse trustreg van gelyktydige eiendomsreg deur die trustee en die begunstigde. Die *fideicommissum* is gevolglik die rede vir die ontstaan van die testamentêre trust in die Suid-Afrikaanse reg.

⁷⁸ *Estate Kemp v McDonald's Trustee* 1915 AD 513; *Braun v Blann and Botha* 1984 2 SA 850 (A) 861E-F; *Greenberg v Estate Greenberg* 1955 3 SA 361 (A) 368; *Estate Watkins-Pitchford v Commissioner for Inland Revenue* 1955 2 SA 437 (A) 460B-D. In hierdie saak is selfs beslis dat dit

Kemp-beslissing te beslis. Die hof het belangrike punte geopper.⁸⁰ Eerstens dat die trustfiguur onbekend was aan die Romeinse reg en die Romeins Hollandse reg.⁸¹ Indien die trust bekend was aan die Romeinse reg, sou dit nie die soortgelyke funksies van die *fideicommissum* kon verrig nie.⁸² Tweedens is die Engelse trustfiguur eers gedurende die negentiende eeu aan die Suid-Afrikaanse reg bekendgestel, maar die Engelse beginsel van gelyktydige en verdeelde eiendomsreg is nie aangeneem deur die Suid-Afrikaanse reg nie.⁸³ Dit is dus histories en juridies verkeerd om die trust gelyk te stel aan die *fideicommissum*.⁸⁴ Uiteindelik is daar beslis dat dit foutief is om die testamentêre trust aan die hand van die *fideicommissum* te verklaar. Die hof het bevind dat die trust *sui generis* is en dus selfstandig staan.⁸⁵ Die trust word dus deur sy eiesoortige reëls en beginsels beheer.⁸⁶

onnodig is om die Engelse terme van testamente te interpreteer in die Romeins Hollandse reg, aangesien dit veroorsaak dat die terme "*fiduciarus*" en "*fideicommissarius*" baie wyer toegepas word as wat dit normaalweg toegepas word in die Suid-Afrikaanse howe, terwyl "trusts" en "trustees" algemeen gebruik word in Suid-Afrika. Kritici het verder aangevoer dat die *fideicommissum purum* in onbruik verval en dus het die hof hier staat gemaak op 'n verouderde instelling. Verder is aangevoer dat die hof se interpretasie van die Romeins Hollandse beginsel, die *fideicommissum purum*, foutief is. Die aanvaring van die trust aan die hand van die *fideicommissum* het daartoe aanleiding gegee dat trustterminologie versteur word deurdat die trustee byvoorbeeld eerder 'n *fiduciarus* genoem word. Formele verskille tussen die trust en die *fideicommissum* gee verder daartoe aanleiding dat hierdie twee instellings nie met mekaar vergelyk kan word nie: byvoorbeeld 'n trustee is 'n ampsdraer, waar 'n *fiduciarus* nie met 'n amp bekleë word nie; 'n trustee mag vervang of verwyder word waar 'n *fiduciarus* onteien moet word soos enige ander persoon wat beskik oor eiendomsreg van eiendom. Die kritiek oor hierdie beslissing het egter nie die testamentêre trust verhoed om 'n gewilde instelling te word in die Suid-Afrikaanse reg nie. Die vergelyking van die trust met die *fideicommissum* het nie 'n negatiewe invloed op die nuttigheid van die testamentêre trust gehad nie, maar die debat oor die regs aard van die testamentêre trust het egter voorgedaan.

⁷⁹ *Braun v Blann and Botha* 1984 2 SA 850 (A).

⁸⁰ De Waal en Theron "Die aard van die trust in die Suid-Afrikaanse reg" 1991 *TSAR* 499; In *Commissioner for Inland Revenue v MacNeillie's Estate* 1961 3 SA 833 (A) is beslis dat 'n trust nie 'n regspersoon is nie.

⁸¹ *Braun v Blann and Botha* 1984 2 SA 850 (A) 858H-859A.

⁸² *Braun v Blann and Botha* 1984 2 SA 850 (A) 859C; Die trust is nie 'n verskyningsvorm van die *fideicommissum* nie. Soos reeds genoem bestaan daar formele verskille tussen hierdie twee figure.

⁸³ *Braun v Blann and Botha* 1984 2 SA 850 (A) 859E-F.

⁸⁴ *Braun v Blann and Botha* 1984 2 SA 850 (A) 859C en 866 B. Die hof het beslis dat daar formele verskille tussen die trust en die *fideicommissum* bestaan wat daartoe aanleiding gee dat hierdie twee instellings nie met mekaar vergelyk kan word nie: byvoorbeeld 'n trustee is 'n ampsdraer, waar 'n *fiduciarus* nie met 'n amp bekleë word nie; 'n trustee mag vervang of verwyder word waar 'n *fiduciarus* onteien moet word soos enige ander persoon wat beskik oor eiendomsreg van eiendom.

⁸⁵ Olivier *Trustreg en Praktyk* 30.

⁸⁶ *Braun v Blann and Botha* 1984 2 SA 850 (A) 589E.

Afgesien daarvan dat in *Braun v Blann and Botha*⁸⁷ beslis is dat die trust 'n regsfiguur is wat *sui generis* is, het die hof geen verdere verduideliking oor die regs aard van 'n trust gelever nie. Die posisie in die Suid-Afrikaanse reg is huidiglik dat die regs aard van die trust *mortis causa sui generis* is, maar ook dat die regte wat voortspruit uit die trust *mortis causa* bepaal word deur die Suid-Afrikaanse erfregbeginsels.⁸⁸ Die onstaansbron van die *mortis causa* trust is egter steeds baie belangrik afgesien daarvan dat die regs aard van die *mortis causa* trust as *sui generis* beskou word.⁸⁹ Die testament is die onstaansbron van die testamentêre trust en hierdie trust tree dus in werking by die dood van die testateur, tensy dit uitgestel word op een of ander wyse.⁹⁰ Verder is die datum van afsterwe van die testateur ook die vroegste datum waarop die trustbegunstigdes hulle regte kan verkry.⁹¹ Die testateur bemaak in sy testament die trustgoedere aan 'n trustee om hierdie trusteeendom ten behoeve van benoemde begunstigdes te hou en te administreer, die begunstigdes word deur die testateur gekies en die lewensduur van die trust word deur die testateur omskryf.⁹² 'n Testateur beskik dus ingevolge die beginsels van die erfreg oor tesseerbevoegdheid waar die testateur sy bates ingevolge 'n testamentêre bemaking op die datum van sy afsterwe mag vervreem op enige wyse soos wat hy goeddink.⁹³ Die *mortis causa* trust kan verder ook gewysig word ingevolge die beginsels van die erfreg.⁹⁴ Eerstens kan die *mortis causa* trust deur die hooggeregshof gewysig word, maar hooggeregshof moet

⁸⁷ *Braun v Blann and Botha* 1984 2 SA 850 (A).

⁸⁸ In Pace en Van der Westuizen *Wills and Trusts* par B5.3 word daar na hiêrdie erfregbeginsels verwys. Soms vestig eiendomsreg by testamentêre trusts in die trustbegunstigde. Hierdie regte is slegs onderworpe aan die beheer van hierdie regte deur die testateur. In so 'n geval kom dit ooreen met die struktuure van die bewindtrust wat later bespreek gaan word; In *SIR v Rosen* 1971 1 SA 172 (A) kan afgelei word dat indien die struktuur ooreenkom met dié van die trust in 'n eng sin, soos dit die geval is by die meeste van die diskresionêre trusts, die eiendomsreg sal vestig in die trustees van hierdie trust. Hierdie aspek sal ook later bespreek word.

⁸⁹ Coetzee *Trustbegunstigdes se regte* 98.

⁹⁰ Davis *et al Estate Planning* 5-6; *Minister of Education v Syfrets Trust Ltd* 2006 4 SA 205 (K) 2111; De Waal en Schoeman-Malan *Introduction to the Law of Succession* 50; Olivier *Praktiese boedelbeplanning* 179. Die oprigtingshandeling van die testamentêre trust vind eensydig plaas wat uitgevoer word in ooreenstemming met die wense van die testateur.

⁹¹ De Waal en Schoeman-Malan *Introduction to the Law of Succession* 7; Van der Merwe en Rowland *Die Suid-Afrikaanse Erfreg* 352.

⁹² Olivier *Trustreg en Praktyk* 28; Olivier *Praktiese boedelbeplanning* 179.

⁹³ Corbett *et al The Law of Succession in South Africa* 39-48. Hierdie tesseerbevoegdheid is egter onderhewing aan sekre gemeenregtelike beperkings en statutêre beperkings.

⁹⁴ Die wysiging van die *mortis causa* trust word beheer deur die gemene reg sowel as wetgewing, die *Wet op beheer oor trustgoed* 57 van 1988.

uiting gee aan die bedoeling van die testateur en het dus nie algemene jurisduksie om die *mortis causa* trust te wysig nie.⁹⁵ Die gemene reg laat die hooggeregshof toe om die *mortis causa* trust in tye van 'n noodtoestand te wysig, byvoorbeeld waar daar 'n verandering in omstandighede is wat nie deur die oprigter voorsien was nie, om die oprigter se skulde te betaal, of waar daar onderhoud gereël moet word vir die oprigter se minderjarige kinders.⁹⁶ Verder kan die hooggeregshof die *mortis causa* trust wysig indien daar bepaling is wat onregmatig is, *contra bonos mores* of teen die openbare sedes is.⁹⁷ Die hof mag ook 'n *mortis causa* trust wysig wat opgerig is vir liefdadigheid en waar die doel onmoontlik is om uit te voer.⁹⁸ In so 'n geval kan die hof 'n bevel maak dat die trusteiendom so na as moontlik aangewend word soos deur die trustakte bepaal en nog steeds op 'n wyse wat dit moontlik maak dat die trust vir 'n liefdadigheidsoogmerk aangewend word.⁹⁹ Tweedens kan die *mortis causa* trust gewysig word deur 'n ooreenkoms tussen die begunstigdes.¹⁰⁰ Laasgenoemde kom dikwels voor by familietrusts waar al die begunstigdes familie is en die begunstigdes kan onder andere saam besluit wanneer die trust beëindig word of dat die trusteiendom herverdeel word tussen hulle.¹⁰¹

Dit is dus duidelik dat die regsraad van die *mortis causa* trust *sui generis* is en verder dat die regte wat voortspruit uit die *mortis causa* trust asook die wysiging daarvan deur die reëls van die erfreg beheer word. Die oprigtingsreëls van die *inter vivos* trust en die *mortis causa* trust verskil dus, aangesien die *inter vivos* trust die beginsels van die kontrakreg volg waar die *mortis causa* trust weer die beginsels van die erfreg volg.¹⁰² Soos reeds genoem is daar verdere kategorieë waarvolgens verskillende

⁹⁵ *Robertson v Robertson's Executors* 1914 AD 503, 507; *Ex parte Estate Marks* 1970 3 SA 539 (T) 542E.

⁹⁶ *Ex parte Strauss* 1949 3 SA 929 (O) 945; In *Ex parte Insel* 1952 1 SA 71 (T) 73H-74A het die hof gefokus op die onmoontlikheid om uiting te gee aan die wense van die testateur.

⁹⁷ *Corbett et al The Law of Succession in South Africa* 40; *Minister of Education v Syfrets Trust Ltd* 2006 4 SA 205 (K).

⁹⁸ Du Toit *South African Trust Law* 46.

⁹⁹ *Cameron et al Law of Trusts* 46.

¹⁰⁰ *Ex parte Trustees Estate Loewenthal* 1939 WLD 78,81.

¹⁰¹ *Cameron et al Law of Trusts* 509; *Ex parte Govender* 1984 4 SA 217 (D) 220G-H.

¹⁰² *Cinema City Ltd v Morgenstein Family Estates (Pty) Ltd* 1980 1 SA 42 796 (A) 804; Olivier *Trustreg en Praktyk* 28; Olivier *Praktiese boedelbeplanning* 179.

veskyningsvorme van trusts geklassifiseer word. 'n Trust kan ook geklassifiseer word op grond van die diskresie wat aan die trustee verleen word deur die oprigter.

2.4.2 Diskresie van die trustee

Afhangende van die diskresie wat aan die trustee verleen word, kom daar twee verskyningsvorme van trusts voor, naamlik die diskresionêre trust en die bewindtrust.¹⁰³ Elkeen van hierdie trusts gaan vervolgens bespreek word.

2.4.2.1 Diskresionêre trust

Ingevolge 'n diskresionêre trust verkry die trustee of trustees die bevoegdheid om volgens die diskresie wat aan hulle verleen word begunstigdes aan te wys of om toedelings aan begunstigdes te maak of te weerhou of albei.¹⁰⁴ Die trustbegunstigdes van 'n diskresionêre trust bekom geen regte nie, maar het slegs 'n hoop om eendag bevoordeel te kan word, wat beteken dat die trustee sy diskresie mag uitoefen om óf begunstigdes aan te wys óf toedelings aan begunstigdes te maak of te weerhou.¹⁰⁵ 'n Kombinasie van die laasgenoemde aspekte waaroor die trustee diskresie mag uitoefen is ook moontlik.¹⁰⁶

¹⁰³ *Webb v Davis* 1998 2 SA 975 (HHA) beslis dat trustbegunstigdes gevestigde regte of voorwaardelike regte kan besit en dit sal dus die regte van die trustees bepaal; Stander "Hoe Veilig is Bates in 'n Trust" 1999 *TRW* 146.

¹⁰⁴ *Gross v Pentz* 1996 4 SA 617 (A) 6281-J beslis dat dit belangrik is om die aard van die trustbegunstigdes te bepaal; Coetzee 'n *Kritiese ondersoek na die aard en inhoud van trustbegunstigdes se regte ingevolge die Suid-Afrikaanse reg* 115; Olivier *Trustreg en Praktyk* 6-6; *CIR v Sive's Estate* 1955 1 SA 249 (A) 269.

¹⁰⁵ Coetzee 'n *Kritiese ondersoek na die aard en inhoud van trustbegunstigdes se regte ingevolge die Suid-Afrikaanse reg* 314.

¹⁰⁶ *CIR v Sive's Estate* 1955 1 249 SA.

2.4.2.2 Die bewindtrust

Die bewindtrust is wat die diskresionêre aard van die trustee se bevoegdhede aanbetref indirek die teenoorgestelde kategorie van die diskresionêre trust.¹⁰⁷ Hier is dit juis die beperking van die trustee se bevoegdheid wat die trust klassifiseer.¹⁰⁸ In die geval van 'n bewindtrust vestig die eienaarskap van bates in die begunstigdes.¹⁰⁹ Honoré is die skepper van die benaming van die "bewindtrust" en is ook entoesiasies oor die gebruik van hierdie trust.¹¹⁰ Dit is duidelik dat die trustee geen diskresie het ten opsigte van die keuse van die begunstigdes of die toekenning van voordele aan die begunstigdes nie, aangesien die begunstigde gevestigde regte besit.¹¹¹ Weereens is dit duidelik dat die trustee se diskresie deur die trustbegunstigde se regte bepaal word deurdat die gevestigde regte van die begunstigde veroorsaak dat die trustee se diskresie beperk word.¹¹² Hiermee word bedoel dat die eiendomsreg of gevestigde reg wat die begunstigde oor die trusteiendom beskik, die regte van die trustee om die trusteiendom te administreer bepaal.¹¹³ Voorbeelde van 'n bewindtrusts is kurators wat optree namens verstandelik gestremde persone, trustees van 'n insolvente boedels,

¹⁰⁷ *Conze v Masterbond Participation Trust Managers (Pty) Ltd* 1996 1 All SA 521 (K) 528h-i.

¹⁰⁸ *Lorentz v TEK Corporation Provident Fund* 1998 1 SA 192 (W) 221B.

¹⁰⁹ *Cameron et al Honoré's South African Law of trusts* 1-4; Du Toit *South African Trust Law* 2; Olivier *Praktiese boedelbeplanning* 179; *Conze v Masterbond Participation Trust Managers* 1996 3 SA 786 (C) 794G-H; *Deedat v The Master* 1995 2 SA 377 (A) 383E-F; Olivier *Trustreg en Praktyk* 4-5. 'n "Trust" in die wye sin dui op 'n wettige ooreenkoms in terme waarvan 'n ampsdraer toevertrou word met die sake van 'n ander en, gevolglik, eiendom namens 'n ander persoon of vir 'n onpersoonlike doel beheer en administreer sonder om noodwendig eiendomsreg oor hierdie eiendom te hê. 'n Onderskeidende kenmerk van die trust in 'n wye sin is die skeiding tussen die beheer wat uitgeoefen word oor die eiendom aan die een kant, en die voordeel wat verkry word uit sulke beheer aan die ander kant. Die trustee in die wye sin administreer die eiendom van die begunstigde ten gunste van die begunstigde en nie tot sy eie voordeel nie. Die trust in 'n wye sin kan verder ook die vorm van 'n bewindtrust aanneem waar die goedere in die begunstigde vestig en waar die trustee optree as gemeenregtelike administrateurs of bestuurders van die goedere. 'n Trust in 'n eng sin ontstaan wanneer die trustee eenaar of reghebbende van trustgoedere is, nie vir sy eie voordeel nie, maar ten gunste van die begunstigde wat 'n bepaalde of bepaalbare begunstigde moet wees.

¹¹⁰ *Cameron et al Honoré's South African Law of trusts* 357. Dit moet egter in ag geneem word dat die bewindtrust nadelig kan wees aangesien daar geen beskerming aan die begunstigdes verleen word nie.

¹¹¹ Coetzee *Trustbegunstigdes se regte* 120; *Schaumberg v Stark* 1956 4 SA 462 (A) 468 verleen erkenning aan die bestaan van die bewindtrust.

¹¹² Coetzee *Trustbegunstigdes se regte* 314.

¹¹³ Du Toit *South African Trust Law* 2.

eksekuteurs van bestorwe boedels en die meeste besigheidstrusts sal ook waarskynlik bewindtrusts wees.¹¹⁴

Die beginsels rondom die *nudum praeceptum*-reël moet verder in gedagte gehou word indien 'n bewindtrust ter sprake is.¹¹⁵ Die trustbates vestig in die trustbegunstigdes en daarom is enige beperking ten opsigte van die beheer oor die trustbates en die handelingsbevoegdheid van die begunstigde 'n *nudum praeceptum* en dus onafdwingbaar.¹¹⁶ In die geval waar 'n testateur byvoorbeeld 'n bevoegde erfgenaam die reg ontnem om die bemaakte eiendom te beheer of te vervreem deur die eiendom aan 'n administrateur oor te dra of 'n beperking op die vervreemding van die eiendom te plaas, sal die beperking onafdwingbaar wees teenoor die trustbegunstigde en sal dus neerkom op 'n *nudum praeceptum*.¹¹⁷ 'n Beperking soos in die laasgenoemde geval sal slegs afdwingbaar wees indien daar voorsiening gemaak word vir 'n alternatiewe begunstigde indien die eerste begunstigde nie die beperking wat ingestel word nakom nie.¹¹⁸ Indien 'n *nudum praeceptum* tot stand kom, sal die beperkings onafdwingbaar wees en die begunstigdes mag daarop aandrang om die trusteiendom self te administreer of selfs om die trust te beëindig.¹¹⁹

Die diskresionêre trust en bewindtrust word dus onderskei op grond van die regte wat aan die trustees verleen word. Die doel waarvoor die trust gestig word is egter 'n verdere kategorie waarvolgens die trust geklassifiseer word.

¹¹⁴ Cameron *et al Honoré's South African Law of trusts* 3.

¹¹⁵ Olivier *trustreg en Praktyk* 6-3.

¹¹⁶ Rafferty *Die nudum praeceptum in die Suid-Afrikaanse reg* 47; *Ex Parte Executors Estate Kemp* 1940 WLD 26 32; *Ex Parte Bruton* 1970 4 SA 154 (E) 158A-E; *Morley v Standerd Bank Trustees Department* 1970 4 SA 299 (W) 300G-H en 302D. Beperkings sal geplaas moet word op 'n ander persoon as die eienaar van die trusteiendom anders sal dit neerkom op 'n *nudum praeceptum*. 'n voorbeeld van so 'n testamentêre bepaling wat 'n *nudum praeceptum* bevat is: Ek bemaak my gehele boedel aan my dogter op voorwaarde dat die gehele nalatenskap hierkragtens vir haar in trust gehou moet word deur my hierinlater benoemde trustees in terme van die voorwaardes en bepaling hierinlater uiteengesit totdat sy die ouderdom van 35 jaar bereik.

¹¹⁷ *Aronson v Estate Hart* 1950 1 SA 539 (A) 552.

¹¹⁸ Du Toit *South African Trust Law* 179.

¹¹⁹ Pace en Van der Westuizen *Wills and Trusts* par B8.4.

2.4.3 Die doel waarvoor die trust opgerig is

Soos reeds genoem word trusts in Suid-Afrikaanse reg geklassifiseer na aanleiding van die oprigtingshandeling, soms na aanleiding van die graad van diskresie wat aan trustees van 'n trust verleen word, en soms op sterkte van die doel waarvoor dit opgerig word.¹²⁰ Klassifikasie op grond van doel is baie belangrik vir doeleindes van hierdie navorsing omrede die benaming "besigheidstrust" afgelei is van die doel waarvoor die trust opgerig is.¹²¹

Die doel van die trust moet met redelike sekerheid gedefinieer word en die doel moet regmatig wees.¹²² Verder word aangeneem dat al die partye betrokke by die trust bewus is van die doel van die trust.¹²³ Die doel kan persoonlik¹²⁴ of onpersoonlik¹²⁵ wees en die doel van 'n trust is gewoonlik om een of meer bepaalde of bepaalbare persone of 'n groep persone insluitende 'n regs persoon, 'n gemeenskap of 'n spesifieke groep individue te bevoordeel.¹²⁶ In die geval waar 'n trust vir 'n persoonlike doel gestig is, moet die begunstigde of groep begunstigdes voldoende gedefinieer word.¹²⁷ In die geval waar 'n trust gestig word vir 'n onpersoonlike doel sal dit geldig wees indien dit

¹²⁰ *Peterson v Claassen* 2006 5 SA 191 (K) 196G.

¹²¹ *Nieuwoudt v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk* 2004 3 SA 486 (HHA) 493F-G; *Land and Agricultural Bank of South Africa v Parker* 2005 2 SA 77 (HHA) 87G-H.

¹²² In *Peterson v Claassen* 2006 5 SA 191 (K) 197C-D onderskei die hof tussen die doel van die trust aan die een kant en die oogmerk van die trust aan die ander kant. In *casu* was die doel van hierdie trust om bates en inkomste te bekom en aan te wend tot uiteindelijke voordeel van die begunstigde.

¹²³ *Mohamed v Ally* 1999 2 SA 42 (HHA) 46C-D; *Hoosen v Deedat* 1999 4 SA 425 (HHA) 430F-G; *MAN truck & Bus (SA) Ltd v Victor* 2001 2 SA 562 (NK) 5721; *Deedat v The Master* 1995 2 SA 377 (A) 382B-C.

¹²⁴ 'n Voorbeeld van so 'n trust is 'n trust wat opgerig word om 'n bepaalde of bepaalbare begunstigde of groep begunstigdes te bevoordeel.

¹²⁵ Du Toit *South African Trust Law* 31. In die geval waar 'n trust vir 'n onpersoonlike doel gestig is en wat deur wetgewing bepaal is, word die doel van die trust gewoonlik deur die relevante artikels van die wet bepaal. 'n Voorbeeld van so 'n trust met 'n onpersoonlike doel is 'n trust wat opgerig is met die doel om toegang tot woude te bevorder vir die doeleindes van kulturele en spirituele ontwikkeling.

¹²⁶ Pace en Van der Westuizen *Wills and Trusts* par B8.4.

¹²⁷ *Harter v Epstein* 1953 1 SA 287 (A); "Power of appointment" kan aan die trustee verleen word wat beteken dat die trustee 'n begunstigde of begunstigdes kan aanwys vanuit 'n groep begunstigdes soos deur die oprigter bepaal. Hierdie bevoegdheid wat deur die trustee verkry word, is diskresionêr van aard. Indien 'n trustee versuim om 'n begunstigde of 'n groep begunstigdes aan te wys in die geval van 'n diskresionêre trust, sal dit daarop neerkom dat die doel van die trust onseker is. Indien 'n testamentêre trust ter sprake is, sal dit neerkom op 'n onbehoorlike delegering van testeerbevoegdheid deur die testateur.

gestig word vir byvoorbeeld liefdadigheid en die doel van die trust hoef dan nie so spesifiek gedefinieer te word soos in die geval van 'n trust wat gestig word vir 'n persoonlike doel nie.¹²⁸

Dit is dus duidelik dat trusts in Suid-Afrikaanse reg geklassifiseer word na aanleiding van die oprigtingshandeling, soms na aanleiding van die graad van diskresie wat aan trustees van 'n trust verleen word, en soms op sterkte van die doel waarvoor dit opgerig word. 'n Trust kan dus onder andere opgerig word vir die doeleindes om 'n besigheid te onderneem en hierdie trust staan dan bekend as 'n besigheidstrust.¹²⁹ Die besigheidstrust word daarom geklassifiseer op grond daarvan dat hierdie trust opgerig word met die uitsluitlike doel om 'n besigheid te onderneem met die oog om wins te maak.¹³⁰ In die volgende hoofstuk gaan die besigheidstrust bespreek word om te bepaal of die besigheidstrust verskil van die trustregsfiguur soos wat dit in die Suid-Afrikaanse reg bekend is en of dit bloot 'n trust is wat sy benaming op grond van klassifikasie verkry het.

¹²⁸ Cameron *et al South African Law of trusts* 161.

¹²⁹ Wunsh "Trading and Business trusts" 1985 *SALJ* 561.

¹³⁰ Theron "Die Besigheidstrust" 1991 *TSAR* 268.

3 Die Besigheidstrust

Soos reeds genoem word die trustfiguur op verskillende wyses in die Suid-Afrikaanse reg geklassifiseer.¹³¹ Een van die kategorieë waarvolgens 'n trust geklassifiseer kan word is op grond van die doel waarvoor die trust gestig is.¹³² In die Suid-Afrikaanse reg word die trust al hoe meer aangewend met die doel om 'n besigheid te onderneem en hierdie trust staan dan bekend as 'n besigheidstrust.¹³³ Die vraag wat nou beantwoord moet word is wat die aard en omvang van die regsfiguur bekend as 'n besigheidstrust is en of dié figuur enige onafhanklike bestaansreg binne die Suid-Afrikaanse reg het. Ten einde hierdie vraag te beantwoord gaan die omskrywing en die klassifikasie van die besigheidstrust bespreek word, daarna gaan die verskillende soorte besigheidstrusts bespreek word asook die voordele en redes vir oprigting van die besigheidstrust bespreek word en ook die nadele en kritiek teen die besigheidstrust, en laastens gaan die gebruiksmoontlikhede van die besigheidstrust bespreek word.

3.1 Die omskrywing, essensiële vereistes en klassifikasie van 'n besigheidstrust

'n Besigheidstrust word in die algemeen omskryf as enige trust wat hoofsaaklik gebruik word vir die voortbrenging van 'n besigheid met die doel om wins te maak en om die wins tussen die begunstigdes te verdeel.¹³⁴ Ten einde die navorsingsvraag te beantwoord moet dit bepaal word of die besigheidstrust 'n afsonderlike tipe trust is, en of die term "besigheid" bloot verwys na die gebruik of toepassing/doel van die trust.¹³⁵

¹³¹ Par 2.2.

¹³² Par 2.2.3.

¹³³ Cameron *et al South African Law of trusts* 91; Theron "Die Besigheidstrust" 1991 *TSAR* 273; *Cupido v Kings Lodge Hotel* 1999 3 All SA 578 (E) 585h; *Land and Agricultural Development Bank of SA v Parker* 2004 4 All SA 261 (HHA) 268d.

¹³⁴ Wunsh 1986 *SALJ* 561; Klopper *Besigheidstrusts* 592; Theron "Die Besigheidstrust" 1991 *TSAR* 268.

¹³⁵ Wunsh 1986 *SALJ* 561; Klopper *Besigheidstrusts* 592; Theron 1991 *TSAR* 268.

Uit die omskrywing van die besigheidstrust kan die essensiële vereistes wat verband hou met die besigheidstrust afgelei word.¹³⁶ Die navorsing toon ook aan dat aan die algemene essensiële vereistes van 'n trust soos voorheen bespreek is, voldoen word wanneer 'n besigheidstrust tot stand kom.¹³⁷ Soos reeds genoem is die essensiële vereistes van 'n trust dat die oprigter die bedoeling moet hê om 'n trust op te rig en in die geval van 'n besigheidstrust moet die oprigter ook die bedoeling hê om 'n trust op te rig.¹³⁸ Tweedens moet die oogmerk waarvoor die besigheidstrust opgerig word ook regmatig wees.¹³⁹ Derdens moet die oprigter van die besigheidstrust ook verplig wees om beheer oor die trustbates ten gunste van 'n ander oor te dra op voorwaarde dat die eiendom beskerm word ten gunste van die trustbegunstigdes.¹⁴⁰ In die geval van 'n besigheidstrust word die eiendom aan te trustee oorgedra sodat die eiendom geadministreer word ten gunste van die begunstigde.¹⁴¹ Die wins wat gemaak word uit die administrasie van die eiendom word dan verdeel tussen die begunstigdes by die beëindiging van die trust.¹⁴² Vierdens word trustees van 'n besigheidstrust ook met 'n openbare amp bekleë waaruit 'n fidusiêre verhouding by trustoprigting *ex lege* ontstaan wat onafhanklik voortduur.¹⁴³ Die trustees van 'n besigheidstrust is dus ten volle aanspreeklik vir die verpligtinge voortspruitende uit die onderneming.¹⁴⁴ Vyfdens moet die begunstigdes van 'n besigheidstrust ook bepaal of bepaalbaar wees asook ten gunste van wie die hof nakoming van trustbepalings kan afdwing.¹⁴⁵ Laasgenoemde kan geskied deurdat daar in die trustakte aangedui moet word wie die begunstigde of begunstigdes is aan wie die wins toegedeel moet word indien daar wins gemaak is uit die voortbrenging van die besigheid.¹⁴⁶ Laastens moet die trusteeiendom van 'n besigheidstrust met redelike sekerheid bepaalbaar wees aangesien daar spesifiek

¹³⁶ *Crookes v Watson* 1956 1 SA 277 (A); Die oprigter moet bedoel om 'n trust te skep; die bedoeling om 'n trust te skep moet duidelik uit die woorde in die oprigtingsdokument blyk.

¹³⁷ Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* par B4.2.

¹³⁸ Par 2.2; Olivier *Trustreg en Praktyk* 19.

¹³⁹ Par 2.2; Klopper *Besigheidstrusts* 595.

¹⁴⁰ Par 2.2.

¹⁴¹ Du Toit *South African Trust Law* 183.

¹⁴² Olivier *Trustreg en praktyk* 19.

¹⁴³ Par 2.2.

¹⁴⁴ Flannigan "Beneficiary Liability in Business Trusts" 1984 *Est&Tr* 278.

¹⁴⁵ Par 2.2.

¹⁴⁶ Par 2.2; Van dorsten *South African Business Entities* 438.

aangedui moet word wat die kapitaalbydrae is wat aan die trustee oorgedra word vir administrasie ten gunste van die begunstigdes.¹⁴⁷

Alhoewel dit moontlik is om die essensiële vereistes van die besigheidstrust af te lei van die omskrywing daarvan, moet daar egter in ag geneem word dat dit nie altyd maklik is om te bepaal of 'n trust gestig is vir die voortbrenging van 'n besigheid en met die doel om wins te maak nie.¹⁴⁸ Daar moet gekyk word na die doel waarvoor die trust opgerig word, die bedoeling van die oprigter by die oprigting van die trust of die bedoeling waarmee die trustees die trust administreer het.¹⁴⁹ Laasgenoemde dui op die subjektiewe inhoud wat net afgelei kan word van die volgende eksterne faktore, naamlik:

- die trustakte;
- wyse waarop die trust gestig is;
- die aard van die verhouding tussen die stigter, trustee en begunstigde sowel as die trustees *inter se*;
- die regte en verpligtinge van die begunstigdes en die oordraagbaarheid van hierdie regte en die mate waartoe dit in die begunstigde gevestig het of nie; en
- die wyse waarop die bates in die trust geplaas is asook die aard van die bates in die trust.¹⁵⁰

Die trustakte is dus belangrik aangesien die trustakte die magte en bevoegdhede van die trustees uiteensit en dit dan die aard van die trust bepaal.¹⁵¹ Soos reeds genoem kan 'n trust geklassifiseer word op grond van die doel waarvoor dit opgerig is.¹⁵² Uit

¹⁴⁷ Par 2.2; Klopper *Besigheidstrusts* 597. Hierdie kapitaalbydrae kan die vorm van geld of ander eiendom aanneem wat dan duidelik aangedui moet word in die trustakte.

¹⁴⁸ Flannigan 1984 *Est&Tr*, Du Toit *South African Trust Law* 182; Olivier *Trustreg en Praktyk* 18.

¹⁴⁹ Pace en Van der Westuizen *Wills and Trusts* par B4.2.

¹⁵⁰ Pace en Van der Westuizen *Wills and Trusts* par B4.2. Dit is egter nie 'n beperkte lys faktore nie.

¹⁵¹ Die trustakte kan byvoorbeeld bepaal dat die trustees 'n besigheidstransaksie moet aangaan namens die trust, of dat die trustees met trustbates kan spekulereer, ensovoorts

¹⁵² In *Peterson v Claassen* 2006 5 SA 191 (K) 197C-D onderskei die hof tussen die doel van die trust aan die een kant en oogmerk van die trust aan die ander kant. In *casu* was die doel van hierdie trust om bates en inkomste te bekom en aan te wend tot die uiteindelijke voordeel van die begunstigde. Sien ook *Mohamed v Ally* 1999 2 SA 42 (HHA) 46C-D; *Hoosen v Deedat* 1999 4 SA 425 (HHA) 430F-G; *MAN Truck & Bus (SA) Ltd v Victor* 2001 2 SA 562 (NK) 5721; *Deedat v The Master* 1995 2 SA 377 (A) 382B-C; Du Toit *South African Trust Law* 16; Cameron *et al South African Law of trusts* 161.

die omskrywing van 'n besigheidstrust kan afgelei word dat die besigheidstrust opgerig is vir die voortbrenging van 'n besigheid en met die doel om wins te maak.¹⁵³ In die geval van 'n besigheidstrust is die doel 'n persoonlike doel aangesien 'n besigheidstrust opgerig word om 'n besigheid voort te bring en om die wins tussen die begunstigdes te verdeel, dus moet die begunstigdes voldoende gedefinieer word.¹⁵⁴

Verder is aangedui dat 'n trust geklassifiseer kan word op grond van die onstaansbron van die trust.¹⁵⁵ Die besigheidstrust kan opgerig word gedurende die lewe van die oprigter, en kan dus 'n *inter vivos* trust wees.¹⁵⁶ Die besigheidstrust kan egter ook by wyse van 'n testament opgerig word en kan dus 'n *mortis causa* trust¹⁵⁷ of testamentêre trust wees.¹⁵⁸ In die laasgenoemde geval kan testateurs reël dat hulle besighede na hul dood oorgeneem moet word deur die trustees.¹⁵⁹

Die besigheidstrust word dus op grond van sy doel geklassifiseer. Die benaming van die besigheidstrust verwys slegs na die doel waarvoor die trust opgerig word.¹⁶⁰ Die besigheidstrust verskil dus nie van die algemeen bekende trustfiguur nie.¹⁶¹ Daar is verder verskillende soorte besigheidstrusts wat vervolgens bespreek gaan word.

¹⁵³ Wunsh 1986 SALJ 561; Klopper *Besigheidstrusts* 592; Theron 1991 TSAR 268.

¹⁵⁴ Cameron *et al South African Law of trusts* 151. 'n Besigheidstrust kan nie opgerig word met die doel om onroerende eiendom te ontwikkel en te verkry nie. Laasgenoemde sal gewoonlik die doel van 'n maatskappy wees en sal slegs die sekondêre doel van 'n maatskappy vorm; *Harter v Epstein* 1953 1 SA 287 (A); Indien die doel van die trust nie voldoende gedefinieer is nie, sal die trust ophou om te bestaan.

¹⁵⁵ Pace en Van der Westuizen *Wills and Trusts* par B3. Die trust *mortis causa* en die trust *inter vivos* is hier ter sprake.

¹⁵⁶ Cameron *et al South African Law of trusts* 173.

¹⁵⁷ *Coetzee v Peet Smith Trust* 2003 5 SA 674 (T) 676G.

¹⁵⁸ Cameron *et al South African Law of trusts* 173.

¹⁵⁹ Cameron *et al South African Law of trusts* 173.

¹⁶⁰ Pace en Van der Westuizen *Wills and Trusts* par B4.2.

¹⁶¹ Olivier *Trusreg en Praktyk* 131.

3.2 Soorte besigheidstrusts

Die besigheidstrust kan ingedeel word op grond van die verwantskap tussen die begunstigdes.¹⁶² Op hierdie wyse word onderskei tussen 'n familie besigheidstrust, private besigheidstrust en 'n publieke besigheidstrust.¹⁶³

Die familie besigheidstrust is een van die soorte besigheidstrusts en dit word dikwels aangewend vir boedelbeplanning.¹⁶⁴ Die onderskeidende kenmerk van 'n familie besigheidstrust is dat die oprigter en die begunstigde 'n familieverwantskap met mekaar het.¹⁶⁵ Die hoofdoel van hierdie trust is om die oprigter se bates te bewaar vir sy nakomelinge en die trustee kry dus die bevoegdheid om byvoorbeeld die boerdery en ander sake namens die oprigter en tot voordeel van die begunstigdes te beheer.¹⁶⁶ Dit moet egter in ag geneem word dat indien die hoofdoelstelling slegs die bewaring van bates is sonder dat daar met die oog op wins handel gedryf word, sal dit nie 'n besigheidstrust wees nie.¹⁶⁷

'n Ander soort besigheidstrust is die private besigheidstrust.¹⁶⁸ In hierdie geval is die oprigter en die begunstigde nie familie van mekaar nie, maar daar bestaan een of ander vorm van verwantskap byvoorbeeld 'n vriendskaplike verhouding.¹⁶⁹ 'n Private besigheidstrust neem in die meeste gevalle dieselfde struktuur aan as die bewindtrust, maar kan ook soms die vorm van 'n diskresionêre trust aanneem.¹⁷⁰ Dit sal die vorm van 'n bewindtrust aanneem in die geval waar die begunstigdes die trusteeendom besit of eiendomsreg daaroor het of waar die begunstigdes self die trustkapitaal voorsien.¹⁷¹

¹⁶² Pace en Van der Westuizen *Wills and Trusts* par 3B. Daar word in par 3.2 aangedui dat die besigheidstrust die vorm kan aanneem van 'n *inter vivos* trust of 'n *mortis causa* trust.

¹⁶³ Benade *et al Entrepreneurial Law* 359-360; Theron 1991 *TSAR* 268; Klopper *Besigheidstrusts* 595.

¹⁶⁴ Wunsh 1986 *SALJ* 561.

¹⁶⁵ Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 195.

¹⁶⁶ Klopper *Besigheidstrusts* 595.

¹⁶⁷ Benade *et al Entrepreneurial Law* 359-360.

¹⁶⁸ Theron 1991 *TSAR* 268; Klopper *Besigheidstrusts* 595.

¹⁶⁹ Klopper *Besigheidstrusts* 595. Die oprigter en die begunstigdes is byvoorbeeld vriende of daar bestaan een af ander dergelike band.

¹⁷⁰ Pace en Van der Westuizen *Wills and Trusts* par B4.2.

¹⁷¹ Benade *et al Entrepreneurial Law* 359-360; Pace en Van der Westuizen *Wills and Trusts* par B4.2. In *Goodricke and Son (Pty) Limited v Registrar of Deeds, Natal* 1974 1 SA 404 (N); *Pretorius v CIR* 1984 2 SA 619 (T) en *CIR v Pretorius* 1986 1 SA 238 (A) was die feit dat 'n private besigheidstrust

In die geval waar al die begunstigdes gevestigde regte besit en dieselfde persone wat begunstigdes is ook die trust as trustees beheer, is hierdie onderneming soortgelyk aan 'n vennootskap.¹⁷² Die private besigheidstrust kan verder die struktuur van 'n diskresionêre trust aanneem waar dit die bedoeling van die stigter of die trustees is om die trust hoofsaaklik vir winsdoeleindes te gebruik en waar die eiendomsreg nie vestig in die begunstigdes nie of waar die begunstigdes nie trustkapitaal voorsien het nie.¹⁷³

Nog 'n tipe besigheidstrust wat voorkom staan bekend as die publieke besigheidstrust.¹⁷⁴ Dit verskil van die private besigheidstrust op grond daarvan dat die publiek betrokke is; dat daar 'n groot aantal begunstigdes is; en dat daar geen verwantskap tussen die oprigters en die begunstigdes is nie.¹⁷⁵ Die publieke besigheidstrust is verder 'n onderneming waarin 'n groot aantal begunstigdes kapitaal verskaf aan die trustfonds in ruil vir 'n oordraagbare aandeelsertifikaat.¹⁷⁶ Die publieke besigheidstrust was voorheen beheer deur die *Wet op beheer oor Effektetrustskemas* 54 van 1981. Ingevolge artikel 1 van hierdie wet was 'n effektetrustskema gedefinieer as enige skema of ooreenkoms in die aard van 'n trust waar lede van die publiek uitgenooi word om as begunstigdes van die trust belange of onverdeelde aandele te verkry en om dienooreenkomstig proporsioneel geregtig te wees op die winste of inkomste wat daaruit voortspruit.¹⁷⁷ Hierdie wet is egter herroep deur die *Wet op Beheer oor Kollektiewe Beleggingskemas* 45 van 2002. Die *Wet op Beheer oor*

eintlik 'n bewindtrust daarstel nie eers geopper of oorweeg nie. Volgens Pace en Van der Westhuizen was dit foutief want wat 'n bewindtrust moes gewees het, het die hof beskou as 'n ooreenkoms wat menigte van die eienskappe van 'n koopkontrak bevat.

¹⁷² In *Pezutto v Dreyer* 1992 3 SA 379 (A) 390 is 'n vennootskap omskryf as die voortbrenging van 'n besigheid waartoe elkeen van die vennote bydra met die doel om wins te maak. Dus moet die bedoeling duidelik gemaak word wanneer die besigheidstrust van hierdie aard gestig word.

¹⁷³ *Nieuwoudt v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk* 2004 3 SA 468 (HHA); *Land and Agricultural Bank v Parker* 2005 2 SA 77 (HHA) is voorbeelde van gevalle waar trusts in 'n eng sin wat gebruik was vir besigheidsdoeleindes. In *Pretorius v CIR* 1984 2 SA 619 (T) en *CIR v Pretorius* 1986 1 SA 238 (A) is daar beslis dat daar ook 'n kombinasie kan wees van 'n bewindtrust en 'n trust in 'n eng sin in dieselfde onderneming.

¹⁷⁴ Theron 1991 TSAR 268.

¹⁷⁵ Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* par B3; Theron 1991 TSAR 268. Die eienskappe van die publieke besigheidstrust stem ooreen met die eienskappe van die publieke maatskappy.

¹⁷⁶ Benade *et al Entrepreneurial Law* 359-360; Theron "Die Besigheidstrust" 1991 TSAR 268. Soos reeds genoem het die publieke besigheidstrust die karaktereieskappe van 'n publieke maatskappy, waar die private besigheidstrust weer karaktereieskappe het van 'n private maatskappy, vennootskap of beslote korporasie.

¹⁷⁷ Artikel 1 van die *Wet op Beheer oor Effektetrustskemas* 54 van 1981.

*Kollektiewe Beleggingskemas*¹⁷⁸ bied 'n duideliker omskrywing van "lede van die publiek" deurdat die wet 'n beperking plaas op 'n groep persone wat 'n gemeenskaplike belang het om 'n private onderneming voort te bring.¹⁷⁹

Uit die bogaande bespreking is dit dus duidelik dat daar verskillende soorte besigheidstrusts is en alhoewel hierdie soorte trusts voldoen aan die eienskappe van die algemene trustfiguur, word dit onderskei op grond van die verwantskap tussen die oprigter en die begunstigdes. Daar is egter voordele en nadele verbonde aan die besigheidstrust en dit gaan vervolgens bespreek word.

3.3 Voordele van die besigheidstrust

Soos reeds genoem het die besigheidstrust baie gewild geraak in die Suid-Afrikaanse reg en 'n rede hiervoor is dat daar baie voordele verbonde is aan die besigheidstrust.¹⁸⁰ Een van die voordele wat verband hou met die besigheidstrust is dat die trustbegunstigdes beperkte aanspreeklikheid het.¹⁸¹ 'n Trustee is slegs in sy verteenwoordigende hoedanigheid en tot die omvang van die trustbates vir uitgawes wat aangegaan is in verband met die administrasie van die trustbates aanspreeklik.¹⁸² Die trustbegunstigde is in die geval van 'n trust in 'n eng sin ook nie vir die trustskulde aanspreeklik nie aangesien die trustee eienaar is van die trustbates.¹⁸³ 'n Verdere voordeel is dat daar geen beperking op die lewensduur van 'n trust is nie en dat die trust dus ewigdurend kan voortbestaan.¹⁸⁴ 'n Trust word nie noodwendig beëindig as die trustees of trustbegunstigdes verander nie.¹⁸⁵

¹⁷⁸ *Wet op Beheer oor Kollektiewe Bellegingskemas* 45 van 2002.

¹⁷⁹ Pace en Van der Westuizen *Wills and Trusts* par B4.2.

¹⁸⁰ Par 3.

¹⁸¹ Flannigan 1984 *Est&Tr* 278.

¹⁸² Artikel 9(2) van die *Wet op Beheer oor Trustgoed* 57 van 1988 bepaal dat enige bepaling in die trustinstrument sal ongeldig wees in so verre dit die effek sal hê dat die trustee vrygespreek sal word van die aanspreeklikheid vir pleging van kontrakbreuk in die geval waar die trustee nie optree soos wat daar in artikel 9(1) van 'n trustee verwag word nie; Honoré *et al South African Law of trusts* 92. Die trust word onder andere beëindig waar die oprigter van die trust opdrag gee dat die trust beëindig word.

¹⁸³ *Estate Kemp v McDonald's Trustee* 1915 AD 491.

¹⁸⁴ Theron 1991 *TSAR* 276.

¹⁸⁵ Van Dorsten *South African Business Entities* 424.

Nog 'n voordeel van die besigheidstrust is dat die trust buigsaam is deurdat die inhoud van die trustdokument bepaal word deur die oprigter en die trustakte aangepas kan word soos wat omstandighede en wetgewing verander.¹⁸⁶ Die oprigter kan beheer oor die trust hou deurdat hy die aantal trustees bepaal, die diskresie van die trustees bepaal en deurdat hy die trustees kan ontslaan.¹⁸⁷ Die oprigter bepaal ook die regte van die begunstigdes deurdat hy bepaal of die begunstigdes eiendomsreg oor die trustbates sal hê of slegs voordele sal ontvang wat die trustees aan hulle toeken.¹⁸⁸ Op hierdie wyse word die trustbates buite die beheer van die oprigter geplaas maar die oprigter kan nogsteeds besluite neem in verband met die administrasie van die trust.¹⁸⁹ Die trustbegunstigdes word weer bevoordeel deurdat die bates buite beheer van hul skuldeisers is in die geval waar hulle nie eiendomsreg oor die trustbates besit nie.¹⁹⁰ Die oprigter van die trust kan ook 'n begunstigde of 'n trustee van die trust wees, maar in die geval waar die oprigter en die trustee dieselfde persoon is moet daar nog 'n trustee wees om 'n geldige kontrak te kan sluit want 'n persoon kan nie met homself kan kontrakteer om 'n geldige trust te stig nie.¹⁹¹

'n Verdere voordeel van 'n besigheidstrust is dat alhoewel die oorspronklike trustdokumente en wysigings van die trustdokumente by die meester ingedien moet word, die aktiwiteite van die besigheidstrust meer privaat gehou kan word as in die geval van 'n beslote korporasie of 'n maatskappy deurdat daar geen verpligting rus op die trustee om enige trustdokumente aan die publiek te openbaar nie.¹⁹² 'n Laaste

¹⁸⁶ Wunsh 1986 SALJ 562.

¹⁸⁷ Cameron *et al* *South African Law of trusts* 127; Du Toit *South African Trust Law* 184. Daar moet egter in ag geneem word dat dit nie altyd voordelig is nie; In *Jordaan v Jordaan* 2001 3 SA 288 (K) 296H is daar beslis dat die trust as 'n *alter ego* gebruik was. Hierdie bevoegdheid van die oprigter moet dus versigtig uitgeoefen word.

¹⁸⁸ Rafferty *Die nudum praeceptum in die Suid-Afrikaanse reg* 40; *Schaumberg v Stark* 1956 4 SA 462 (A) 468 het beslis dat daar wel iets soos 'n bewindtrust bestaan waar trustbegunstigdes gevestigde regte besit.

¹⁸⁹ Theron "Die besigheidstrust" 1991 TSAR 277.

¹⁹⁰ *Gross v Pentz* 1996 4 SA 617 (A) 628I-J beslis dat dit belangrik is om die aard van die trustbegunstigdes te bepaal; Coetzee *'n Kritiese ondersoek na die aard en inhoud van trustbegunstigdes se regte ingevolge die Suid-Afrikaanse reg* 115; *CIR v Sive's Estate* 1955 1 SA 249 (A) 269.

¹⁹¹ Van Dorsten *South African Business Entities* 438. Ingevolge die gemenerereg moet daar ten minste twee partye betrokke wees om 'n geldige kontrak te kan sluit.

¹⁹² Artikel 4 van die *Wet op Beheer oor Trustgoed* 57 van 1988; Theron "Die besigheidstrust" TSAR 277. Alle voorinlywingskontrakte wat deur 'n agent of 'n trustee van 'n opgerigte maatskappy aangegaan

voordeel van die besigheidstrust kan wees dat die begunstigdes van 'n trust natuurlike persone asook regspersone kan wees indien die trustakte daarvoor voorsiening maak.¹⁹³

'n Trust kan ook voordelig wat belasting betref deurdat die trust as 'n geleibuis kan dien.¹⁹⁴ Ingevolge paragraaf 80(1) en 80(2) van die *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962 moet wins deur die trust geïgnoreer word en by die begunstigde se berekening van sy totale kapitaalwins of totale kapitaalverlies ingesluit word. In die laasgenoemde geval dien die trust as 'n geleibuis deurdat die kapitaalwinsbelasting aanspreeklikheid verdeel word tussen die begunstigdes van die trust volgens die voordeel wat hulle ontvang en dus sal kapitaalwinsbelasting teen 'n laer koers betaal word.¹⁹⁵

Die besigheidstrust as regsfiguur is egter nie 'n foutlose struktuur met geen tekortkominge nie. Daar is ook aspekte van die figuur wat gekritiseer word en dit is ook nodig om daarby stil te staan.

3.4 Nadele en kritiek teen die besigheidstrust

Ten spyte van die voordele wat hierbo bespreek is, het die besigheidstrust telkemale onder kritiek deurgeloop.¹⁹⁶ Kritiek wat uitgespreek word teen die besigheidstrust hou onder andere verband met artikel 30(1) van die *Maatskappywet*,¹⁹⁷ die onsekerheid oor die toepassing van die *turquand*-reël op die besigheidstrust¹⁹⁸ en die verbreking van

is, moet met die akte en statute van 'n maatskappy vir registrasie ingedien word sodat die mededingende maatskappy insae in voornemende transaksies kan verkry waar daar weer geen verpligting op die trustee rus enige dokumente aan die publiek te openbaar nie.

¹⁹³ Van Dorsten *South African Business Entities* 540.

¹⁹⁴ Van der Linde *Finweek* 55.

¹⁹⁵ Paragraaf 80(1) en 80(2) van die *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962; Du Toit *South African Trust Law* 166. 'n Voorbeeld hiervan is dat 'n trust 40% belasting betaal, maar begunstigdes A, B en C elkeen 18% belasting betaal.

¹⁹⁶ Jooste "A Warning to everyone who deals with a trust" 2005 *SALJ* 67; McLennan "Contracting with business trusts" 2006 *SA Merc LJ* 330.

¹⁹⁷ *Maatskappywet* 61 van 1973.

¹⁹⁸ Cilliers *et al Cilliers and Benade Corporate Law* 191-192.

die fidusiêre plig wat die trustee teenoor die begunstigdes het.¹⁹⁹ Elkeen van hierdie probleemareas gaan vervolgens bespreek word.

3.4.1 Artikel 30(1) van die Maatskappywet 61 van 1973

Die eerste probleemarea hou verband met artikel 30(1) van die *Maatskappywet*²⁰⁰ wat soos volg lui:

Geen maatskapy, vereniging, sindikaat, onderneming of vennootskap bestaande uit meer as twintig persone word in die Republiek toegelaat of opgerig met die doel om sake te doen wat die maak van wins deur die maatskapy, vereniging, sindikaat of vennootskap, of deur die individuele lede daarvan, as oogmerk het nie, sonder dat dit geregistreer is as 'n maatskapy kragtens hierdie Wet wat opgerig word ingevolge 'n ander wet of voor die een-en-dertigste dag van Mei 1962, opgerig is ingevolge 'n Patentbrief of Koninklike Oktrooi.

'n Moontlike afleiding wat uit die bogenoemde aanhaling gemaak kan word, is dat artikel 30(1)²⁰¹ 'n beperking plaas op die aantal trustees. Theron²⁰² is van mening dat die aantal trustees beperk moet word tot twintig. Cameron²⁰³ is weer van mening dat die aantal trustees nie beperk hoef te word tot twintig nie, aangesien die besigheidstrust nie 'n onderneming in terme van artikel 30(1) is nie.²⁰⁴ Daar is bestaan dus onsekerheid op hierdie gebied en tot die howe nog nie uitsluitel hieroor gegee het nie, sal die vraag onbeantwoord bly.

3.4.2 Die *turquand*-reël

'n Verdere probleem wat bestaan is of die *turquand*-reël wat van toepassing is op die maatskappyreg ook op die besigheidstrust van toepassing is.²⁰⁵ Die *turquand*-reël bepaal dat 'n party wat *bona fide* met 'n maatskapy kontrakteer kan aanvaar dat die maatskapy al die interne reëls en prosedures nagekom het by die sluiting van die

¹⁹⁹ Klopper *Besigheidstrusts* 624; *Colonial Banking & Trust v Est Hughes* 1932 AD 1.

²⁰⁰ *Maatskappywet* 61 van 1973. Die nuwe Maatskappywet tree in die jaar 2011 in werking en gee die trust indirek status as 'n regs persoon in die definisie-omskrywing.

²⁰¹ Artikel 30(1) van die *Maatskappywet* 61 van 1973.

²⁰² Theron 1991 *TSAR* 283.

²⁰³ Cameron *et al South African Law of Trusts* 93.

²⁰⁴ *Smith v Anderson* 15 ChD 247 (A). Artikel 30(1) se oogmerk is om beskerming aan die publiek te bied.

²⁰⁵ Die *turquand*-reël was oorspronklik geformuleer in *Royal British Bank v Turquand* 1856 6 E&B 327.

betrokke kontrak.²⁰⁶ Hierdie reël is gebaseer op die feit dat dit onmoontlik is vir al die kontrakterende partye om te bepaal of die maatskappy werklik daardie reëls en prosedures nagekom het.²⁰⁷ 'n Maatskappy word dus deur middel van die *turquand*-reël verhoed om sy kontraktuele aanspreeklikheid, wat verband hou met die versuim om sommige interne reëls en prosedures wat dien as voorvereistes vir die sluiting van die betrokke kontrak teenoor 'n *bona fide* kontrakterende party, vry te spring.²⁰⁸

In *MAN Truck & Bus (SA) Ltd v Victor*²⁰⁹ was daar 'n poging aangewend om die *turquand*-reël toe te pas op 'n besigheidstrust deurdat daar geargumenteer is dat die besigheidstrust kontraktueel verbind word deur 'n transaksie wat gesluit is sonder die toestemming van albei trustees. Die hof het hier beslis dat dit algemeen bekend is dat trusts al hoe meer deur natuurlike persone en regspersone as voertuig gebruik word waardeur aan die handelsverkeer deelgeneem word en daar moet dus verwag en aanvaar kan word dat kontraktante in goeie trou sal optree.²¹⁰ Waar daar met 'n persoon wat 'n trustee van 'n trust is in 'n gemelde hoedanigheid onderhandel word, kan as 'n reël aanvaar word dat daardie trustee, juis omdat hy eienaar of mede-eienaar van die trustgoed is, gemagtig is om die trust kontraktueel te verbind.²¹¹ Laasgenoemde kan egter nie aanvaar word waar die trustakte die spesifieke persoon as moontlike gevolmagtigde uitsluit en die transaksie as sulks nie binne die magtigingsveld van die trustee val nie.²¹²

Daar is egter kritiek gelewer teen *MAN Truck & Bus (SA) Ltd v Victor*,²¹³ naamlik dat die trustbeginsels verontagsaam word deur die *turquand*-reël toe te pas omrede 'n enkele trustee in hierdie geval nie die bevoegdheid gehad het om die trust kontraktueel te verbind sonder die toestemming van die ander trustee nie.²¹⁴ Daar is verder ook

²⁰⁶ Du Toit *South African Trust Law* 184.

²⁰⁷ Pace en Van der Westuizen *Wills and Trusts* par 4.2.3.

²⁰⁸ Du Toit *South African Trust Law* 184.

²⁰⁹ *MAN Truck & Bus (SA) Ltd v Victor* 2001 2 SA 562 (NK).

²¹⁰ *MAN Truck & Bus (SA) Ltd v Victor* 2001 2 SA 562 (NK) 268A-D.

²¹¹ *MAN Truck & Bus (SA) Ltd v Victor* 2001 2 SA 562 (NK) 268A-D.

²¹² Beukes "Does the *Turquand* rule apply to internal requirements in a trust deed?" 2004 *SA Merc LJ* 267.

²¹³ Sien *Parker NO v Land and Agricultural Bank of SA* 2003 1 All SA 258 (T) 264.

²¹⁴ Beukes 2004 *SA Merc LJ* 269.

geargumenteer dat dit verkeerd is om die beginsels wat van toepassing is op maatskappye ook op trust toe te pas, aangesien die trust geen regs persoonlikheid het nie.²¹⁵ Afgesien van hierdie kritiek is die uitspraak gevolg in *Vrystaat Mielies (Edms) Bpk v Nieuwoudt NO*²¹⁶ en die hof *a quo* het dus besluit dat die *turquand*-reël van toepassing is en die trust word daarom gebind.²¹⁷ Daar is geappelleer teen die beslissing van *Vrystaat Mielies*-saak²¹⁸ en op appèl is die vraag rakende die toepassing van die *turquand*-reël op die besigheidstrust oopgelaat.²¹⁹

Beslissings, asook die opinies van skrywers, in verband met die toepassing van die *turquand*-reël op die besigheidstrust is teenstrydig. Sommige howe en skrywers verwerp die toepassing van die *turquand*-reël op die besigheidstrust omrede die trust nie oor regs persoonlikheid beskik nie.²²⁰ Ander is weer ten gunste van die toepassing van die *turquand*-reël vir ontwikkelingsdoeleindes en beskou die trust se gebrek aan regs persoonlikheid nie as 'n struikelblok nie.²²¹ Die laasgenoemde siening word gestaaf deur die feit dat besigheidstrusts toenemend gebruik word deur natuurlike persone en regspersone vir die deelname in kommersiële ondernemings, wat dus die beskerming noodsaak wat deur die *turquand*-reël gebied word ten opsigte van kontrakte wat *bona fide* gesluit word tussen trustees en ander kontrakterende partye.²²²

Die *turquand*-reël vind toepassing by maatskappye op grond van die publieke aard van die maatskappye se stigtingsdokumente.²²³ In beide *MAN Truck & Bus (SA) Ltd v*

²¹⁵ Beukes 2004 *SA Merc LJ* 269.

²¹⁶ *Vrystaat Mielies (Edms) Bpk v Nieuwoudt* 2003 2 SA 262 (O).

²¹⁷ Die hof het verwys na *MAN Truck & Bus (SA) Ltd v Victor* 2001 2 SA 562 (NK) 268A-D: Dit is algemeen bekend dat trusts al hoe meer deur natuurlike persone en regspersone as voertuig gebruik word waardeur aan die handelsverkeer deelgeneem word. In hierdie speelveld verg goeie orde en sede dat verwag en aanvaar kan word dat kontraktante in goeie trou sal optree.

²¹⁸ *Nieuwoudt v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk* 2004 3 SA 486 (HHA).

²¹⁹ McLennan 2006 *SA Merc LJ* 329. Hierdie aspek het weer na vore gekom in *Land and Agricultural Development Bank of SA v Parker* 2004 4 All SA 261 (HHA) 266 maar die aspek was weer nie aangeraak nie.

²²⁰ Cameron *et al South African Law of Trusts* 34,95,324. Cameron kritiseer die feit dat beginsels van die maatskappyreg toegepas word op die trustreg; McLennan "Contracting with Business Trusts" 2006 *SA Merc LJ* 330-331; Sien ook *Parker v Land and Agricultural Bank of SA* 2003 1 All 258 (T) 264.

²²¹ Du Toit *South African Trust Law* 185; *Peterson v Claassen* 2006 5 SA 191 (K) 197C-D.

²²² *Cupido v Kings Lodge Hotel* 1999 3 All SA 578 (E)585h-i.

²²³ Du Toit *South African Trust Law* 185.

*Victor*²²⁴ en *Vrystaat Mielies (Edms) Bpk v Nieuwoudt NO*²²⁵ was die howe se beskouing ten opsigte van die toepassing van die *turquand*-reël op trust daargestel as gevolg van die publieke aard van trustdokumente in terme van artikel 18 van die *Wet op Beheer van Trustgoed*.²²⁶ Hierdie artikel verplig die Meester van die hooggeregshof om trustdokumente beskikbaar te stel aan persone wat 'n belang in daardie dokumente het.²²⁷ Die appèlhof het egter in *Nieuwoudt NO v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk*²²⁸ getwyfel of kennis oor die inhoud van trustaktes geopenbaar moet word aan die publiek in die afwesigheid van 'n sentrale register van trusts.²²⁹

'n Verdere teenstrydigheid handel oor die verskeie sienings in verband met die interne bestuur vir doeleindes van die toepassing van die *turquand*-reël. Die interne bestuur verwys na die verkryging van die bevoegdheid of delegering van die bevoegdheid aan byvoorbeeld 'n direkteur van 'n maatskappy om 'n kontrak namens die maatskappy te sluit en dus die maatskappy kontraktueel te verbind.²³⁰ In *MAN Truck & Bus (SA) Ltd v Victor*²³¹ het die hof die vraag oorweeg of die vereiste van die interne bestuur soos die laasgenoemde ook van toepassing is op trusts, naamlik of die raad van trustees aan 'n enkele trustee die bevoegdheid mag verleen om 'n kontrak namens die trust te kan aangaan en dus die trust kontraktueel verbind. In *Nieuwoudt NO v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk*²³² wil dit egter voorkom of daar finaal uitsluitel gegee is in verband met die toepassing van die *turquand*-reël. Die hof beslis dat indien 'n trustakte bepaal dat al die trustees hul bevoegdhede aan 'n kleiner aantal trustees kan deleger, 'n derde party nie kan steun op die *turquand*-reël nie. Die rede hiervoor is dat so 'n derde party nie geregtig is om aan te neem dat waar 'n kleiner aantal trustees gemagtig kan word om die bevoegdhede van al die trustees uit te oefen, dat sulke magtiging inderdaad gegee

²²⁴ *MAN Truck & Bus (SA) Ltd v Victor* 2001 2 SA 562 (NK) 569G.

²²⁵ *Vrystaat Mielies (Edms) Bpk v Nieuwoudt* 2003 2 SA 262 (O).

²²⁶ *Wet op Beheer van Trustgoed* 57 van 1988.

²²⁷ Du Toit *South African Trust Law* 185.

²²⁸ *Nieuwoudt v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk* 2004 3 SA 486 (HHA) 493I-494C.

²²⁹ Du Toit *South African Trust Law* 185.

²³⁰ Cilliers *et al Corporate Law* 191.

²³¹ *MAN Truck & Bus (SA) Ltd v Victor* 2001 2 SA 562 (NK) 571G en 574B-C.

²³² *Nieuwoudt v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk* 2004 3 SA 486 (HHA) 494G-H.

is nie.²³³ Vir doeleindes van die *turquand*-reël sal die omvang van die trustee se bevoegdhede dus buite die interne bestuur val.²³⁴

3.4.3 Verbreking van die fidusiêre plig

By 'n besigheidstrust soos enige ander trust staan die trustee in 'n vertrouensverhouding teenoor die begunstigdes.²³⁵ Die trustee het 'n fidusiêre plig om in goeie trou teenoor die begunstigdes optree.²³⁶ Die trustee moet dus beheer neem oor die trusteiendom en dit op so 'n wyse aanwend dat dit begunstigdes bevoordeel.²³⁷ In die geval van 'n besigheidstrust kan die trustee in 'n posisie geplaas word waar hy besighedsrisikos moet neem.²³⁸ Hierdie risiko's het die potensiaal om te impakteer op die trustee se plig om in goeie trou teenoor die begunstigdes op te tree en om die trustbates tot voordeel van die begunstigdes aan te wend.²³⁹ In *Sackville West v Nourse and Another*²⁴⁰ het die trustee van 'n besigheidstrust byvoorbeeld geld belê in 'n hotel en die hof het beslis dat hierdie belegging blootgestel was aan risikos. In die geval van 'n besigheidstrust kan die trustee dus in moeilike situasies geplaas word waar besighedsrisikos geneem moet word. Die trustee sal nie geregtig wees om hierdie risikos te neem nie want dit kan aanleiding gee tot die verbreking van die fidusiêre plig wat die trustee teenoor die begunstigdes het.²⁴¹

Uit die bogenoemde bespreking kan afgelei word dat alhoewel die besigheidstrust voordele inhou, daar ook baie kritiek gelewer word teen die besigheidstrust. Afsien van die kritiek wat gelewer word, word die besigheidstrust huidiglik in die praktyk

²³³ Du Toit *South African Trust Law* 186.

²³⁴ Du Toit *South African Trust Law* 186.

²³⁵ Olivier *Trustreg en Praktyk 2*; *Jowell v Bramwell-Jones* 1998 1 SA 836 (W) 8941.

²³⁶ De Waal "Die wysiging van 'n *inter vivos* trust" 1998 *TSAR* 326; *Sackville West v Nourse* 1925 AD 516 534. Volgens die Gemeenereg word die mate van besorgdheid wat deur die trustee uitgeoefen moet word genoem *bonus et diligens paterfamilias*. Dit beteken ook dat die trustee tot meer besorg moet wees met die administrasie van die trustbates as wat hy sou wees met die administrasie van sy eie bates.

²³⁷ *Hoppen v Shub* 1987 3 SA 201 (K) 210B

²³⁸ Olivier *Trust Law and Practice* 127.

²³⁹ *Doyle v Board of Executors* 1999 2 SA 805 (K) 812J-813I. Die trustee sal aanspreeklik gehou word indien hy nie in goeie trou optree teenoor die begunstigdes nie.

²⁴⁰ *Sackville West v Nourse and Another* 1925 AD 516 par 535-536.

²⁴¹ *Jowell v Bramwell-Jones* 2000 3 SA 274 (HHA) 284I-J.

aangewend en die gebruiksmoontlikhede van die besigheidstrust gaan dus vervolgens bespreek word.

3.5 Gebruiksmoontlikhede van die besigheidstrust

Die besigheidstrust word in die praktyk vir baie doeleindes aangewend.²⁴² Die besigheidstrust word onder andere aangewend as stemregtrusts wat deur persone opgerig word om te verseker dat 'n maatskappy op 'n deurlopende basis beheer word deur die trust.²⁴³ Die besigheid kan ook die vorm van 'n effektetrust aanneem waar sekuriteit in die vorm van aandele, vaste eiendom en effekte deur middel van 'n effektetrust gehou word.²⁴⁴

Ingevolge artikel 117 van die *Maatskappywet*²⁴⁵ word skuldbrieftrusts geskep om skuldbriewe te hou. Verder kan 'n werknemerstrust onderskei word waar die trust as eienaar van aandele aangewend word en in die proses swart ekonomiese bemagtiging aan werknemers toeken.²⁴⁶ Nog tipes besigheidstrusts is die van privaat skole en liefdadigheidsinstansies wat bedryf word deur aanwending van 'n trust waar die trust ook as eienaar kan optree.²⁴⁷ Sake soos eiendomsagente, motorhawens en hardewarebesighede word ook soms deur 'n trust bedryf.²⁴⁸

'n Trust word ook vir boerderybedrywighede aangewend.²⁴⁹ Ingevolge artikel 3 van die *Wet op Landbouggrond* word meer as een persoon verbied om onderverdeelde landbouggrond te hou, tensy hulle toestemming van die Minister van Landbou verkry.²⁵⁰ Sodanige onderverdeelde grond kan aan 'n trust oorgedra word, terwyl die

²⁴² Benade *et al Entrepreneurial Law* 359-360.

²⁴³ Theron 1991 *TSAR* 269; Du Toit *South African Trust Law* 183. Hierdie trust kan as 'n besigheidstrust beskou word, aangesien die beheer wat deur die trustees uitgeoefen word indirek op die bedryf van 'n besigheid neerkom.

²⁴⁴ Die *Wet op Beheer van Effektetrusts* 54 van 1981 reguleer hierdie soort trust.

²⁴⁵ *Maatskappywet* 61 van 1973.

²⁴⁶ Olivier *Trustreg en Praktyk* 21. 'n Voorbeeld van 'n werknemerstrust is waar plaaseienaars aandele aan 'n trust oordra en sodoende werksgeleenthede aan plaaswerkers bied.

²⁴⁷ Olivier *Trustreg en Praktyk* 22.

²⁴⁸ 'n Voorbeeld hiervan kom voor in *Cupido v Kings Lodge Hotel* 1999 4 SA 257 (E).

²⁴⁹ Theron 1991 *TSAR* 269.

²⁵⁰ *Wet op Onderverdeling van Landbouggrond* 70 van 1970.

begunstigdes onverdeelde aandele verkry in die betrokke landbougrond.²⁵¹ Die grondeienaars dra in so 'n geval die eiendom aan die trust oor en die grondeienaars stel hulself as begunstigdes aan en selfs as daar meer as een begunstigde is, word dit as 'n enkele entiteit beskou vir sakedoeleindes.²⁵²

Die besigheidstrust kan ook vir behuisingdoeleindes aangewend word waar 'n trust aangewend word om byvoorbeeld 'n woonstelblok ingevolge die *Wet op Deeltitels* 95 van 1986 in 'n deeltitelskema te omskep.²⁵³ In hierdie geval is die huurders of belangstellendes die trustbegunstigdes en die trust koop die woonstelblok. Trustbegunstigdes maak dan lenings aan die trust of staan borg vir 'n lening en in ruil vir hierdie lening kan elke begunstigde daarop aandring dat 'n eenheid in die skema op sy naam geregistreer word.²⁵⁴

Die besigheidstrust kan verder aangewend word vir die doeleindes van boedelbeplanning.²⁵⁵ Die oprigter van 'n trust verminder die omvang van sy boedel en dus ook die bedrag boedelbelasting betaalbaar deurdat hy bates aan 'n trust en trustee oordra.²⁵⁶ Die besigheidstrust word onder andere vir boedelbeplanningsdoeleindes aangewend waar die oprigter die bedoeling het om 'n besigheid te bedryf met die oog daarop om wins te maak of byvoorbeeld waar 'n ouer die familiebesigheid aan sy kinders gesamentlik wil oordra.²⁵⁷ Die besigheidstrust se boedelbeplanningsvoordele hou verband met die voordele wat behaal kan word uit boedelbelasting.²⁵⁸ Uit 'n boedeladministrasie-oogpunt bied die besigheidstrust die voordeel dat die besigheid ten gunste van die begunstigdes bedryf kan word sonder dat hulle belas word met die administrasie daarvan.²⁵⁹

²⁵¹ Klopper *Besigheidstrust* 594.

²⁵² Oordrag in die naam van 'n besigheidstrust is moontlik en is nie teenstrydig met artikel 54 en regulasie 34 van die *Wet op Registrasie van Aktes* Goodricke & Son (Pty) v Registrar of Deeds (Natal) 1974 1 SA 404 (N)

²⁵³ Theron 1991 TSAR 270. *CIR v Pretorius* 1986 1 SA 238 (A) het indirek judisiële erkenning verleen aan hierdie tipe trust.

²⁵⁴ Theron 1991 TSAR 270.

²⁵⁵ Wunsh 1986 SALJ 561.

²⁵⁶ Art 3 van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955.

²⁵⁷ Art 3 van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955; Theron *Die Besigheidstrust* 108.

²⁵⁸ Klopper *Besigheidstrust* 593.

²⁵⁹ Theron *Die Besigheidstrust* 112.

Laastens bestaan daar 'n eiendomstrust anders as dié wat gereguleer word deur die *Wet op Beheer van Effektetrusts* 54 van 1981. Daar bestaan eiendomstrusts in die praktyk wat aangewend word waar kleiner groepe persone saamspan om grond te bekom sodat dit gehou en ontwikkel kan word.²⁶⁰ In hierdie geval dra die begunstigdes by tot die fondse vir die aankoop van grond waar hulle gevestigde regte op kapitaal en inkomste verkry.²⁶¹

Uit die bogenoemde kan afgelei word dat die besigheidstrust tans gereeld in die praktyk toegepas word. Die besigheidstrust word aangewend as stemregtrust, skuldbrieftrust, en werknemertrust. Verder word die besigheidstrust aangewend vir privaat skole en liefdadigheidsinstansies. Sake soos eiendomsagente, motorhawens en hardewarebesighede, dus enige kleinhandel besigheid, word ook deur 'n besigheidstrust bedryf. Verder kan afgelei word dat die besigheidstrust aangewend word in die praktyk vir boerderybedrywigheede, behuisingsdoeleindes, vir doeleindes van boedelbeplanning en laastens as eiendomstrust. Die besigheidstrust word dus gereeld in die Suid-Afrikaanse reg aangewend.

²⁶⁰ Olivier *Trustreg en Praktyk* 22.

²⁶¹ Olivier *Trustreg en Praktyk* 22.

4 Gevolgtrekking

Hierdie studie was primêr daarop gefokus om die vraag te beantwoord oor wat die aard en omvang van die regsfiguur bekend as die besigheidstrust is en verder of hierdie figuur onafhanklike bestaansreg het binne die Suid-Afrikaanse reg. Ten einde die nodige onderbou vir 'n verantwoordbare antwoord te stel, is 'n teoretiese ondersoek na die trust as regsfiguur in die Suid-Afrikaanse reg gedoen.²⁶² Hierdie ondersoek is opgevolg met 'n bespreking wat direk gefokus het op die omskrywing, essensiële vereistes en klassifikasie van die besigheidstrust,²⁶³ soorte besigheidstrusts,²⁶⁴ voordele²⁶⁵ en nadele²⁶⁶ van die besigheidstrust en gebruiksmoontlikhede²⁶⁷ van die besigheidstrust.

In die studie is aangetoon dat die besigheidstrust al die essensiële vereistes van die trustfiguur besit maar as “besigheidstrust” getipeer word vanweë die doel waarvoor die trust opgerig word.²⁶⁸ Die bespreking van die voordele wat hierdie trustfiguur vir die dryf van besigheid inhou het aangetoon dat die voordele uitsluitlik vir trusteees en begunstigdes meegebring word.²⁶⁹ Die voordele verbonde aan die trustfiguur is onder andere dat die trustbegunstigde beperkte aanspreeklikheid het, die trustee slegs in sy verteenwoordigende hoedanigheid vir trustskulde aanspreeklik is, die trust 'n ewigdurende voortbestaan het, die besigheidstrust buigsaam is, die oprigter beheer oor die besigheidstrust kan behou, die aktiwiteite van die besigheidstrust privaat gehou word en laastens dat die trustbegunstigdes natuurlike persone of regspersone kan wees.²⁷⁰

Die nadele van die besigheidstrust kan in twee kategorieë verdeel word, naamlik nadele wat die figuur inhou vir derde partye wat nie partye is van die trust nie en nadele vir

²⁶² Par 2.

²⁶³ Par 3.1.

²⁶⁴ Par 3.2.

²⁶⁵ Par 3.3.

²⁶⁶ Par 3.4.

²⁶⁷ Par 3.5.

²⁶⁸ Par 3.1.

²⁶⁹ Par 3.3.

²⁷⁰ Par 3.3.

trustees en trustbegunstigdes.²⁷¹ Derde partye kan benadeel word deurdat die toepassing van die *turquand*-reël op die besigheidstrust onseker is in die Suid-Afrikaanse reg. 'n Derde partye wat 'n kontrak sluit met 'n trustee kan dus nie net aanvaar dat die trust kontraktueel verbind is nie. Partye van die trust kan weer benadeel word deurdat daar 'n onsekerheid bestaan of artikel 30(1) van die *Maatskappywet*²⁷² van toepassing is op trustees en of daar dus 'n beperking geplaas moet word op die aantal trustees wat betrokke is by die besigheidstrust. 'n Verdere nadeel wat ontstaan vir die partye van die trust hou verband met die vertrouensverhouding wat bestaan tussen die trustee en die trustbegunstigde. In die geval van 'n besigheidstrust kan die trustee in 'n posisie geplaas word waar hy besigheidsrisikos moet neem en dit kan inbreuk maak op sy plig om in goeie trou teenoor die begunstigdes op te tree en om die trustbates tot voordeel van die begunstigdes aan te wend.

Ten spyte van hierdie moontlike nadele en aspekte van kritiek, gedy die besigheidstrust as trustfiguur egter 'n aspek wat beklemtoon word deur die wye gebruiksmoontlikhede van die figuur.²⁷³ Die besigheidstrust word aangewend as stemregtrust, skuldbrieftrust, en werknemertrust. Verder word die besigheidstrust aangewend vir privaat skole en liefdadigheidsinstansies. Sake soos eiendomsagente, motorhawens en hardewarebesighede word ook deur 'n besigheidstrust bedryf. Verder kan afgelei word dat die besigheidstrust aangewend word in die praktyk vir boerderybedrywighede, behuisingsdoeleindes, vir doeleindes van boedelbeplanning en laastens as eiendomstrust.

Alhoewel daar kritiek uitgespreek word teen die besigheidstrust, is dit duidelik dat die besigheidstrust voordele inhou asook baie aanwendingsmoontlikhede het.²⁷⁴ Afgesien van hierdie voordele en die aanwendingsmoontlikhede het die besigheidstrust as regsfiguur nie afsonderlike bestaansreg in die Suid-Afrikaanse reg nie. Die

²⁷¹ Par 3.4.

²⁷² *Maatskappywet* 61 van 1973.

²⁷³ Par 3.5.

²⁷⁴ Par 3.6.

besigheidstrust is 'n trust soos wat dit in die Suid-Afrikaanse reg bekend is wat op grond van sy doel geklassifiseer word.²⁷⁵ Die besigheidstrust is 'n trust waar trustees nie net trustbates beheer en beskerm nie, maar waar die trustees die trustbates aanwend vir die voortbrenging van 'n besigheid en met die doeleindes om wins te maak. Die trustpartye asook die wesenskenmerke van die besigheidstrust kom ooreen met dié van die gewone trust.²⁷⁶ Daar is dus geen verskil tussen die trust en die besigheidstrust wat 'n afsonderlike bestaansreg van die besigheidstrust regverdig nie. 'n Trust kan verder regsgeldig met enige oogmerk opgerig word en dus sal 'n trust met 'n winsoogmerk, dit wil sê die besigheidstrust, erken word. Die oogmerke van 'n besigheidstrust kan dus bereik word binne die grense van die private trust. So 'n trust kan verder dan gebruik word in die vorm van 'n bewindtrust of die diskresionêre trust. Die behoeftes van die betrokke partye sal egter bepaal of die bewindtrust of die diskresionêre trust gebruik moet word. In die meeste gevalle sal die besigheidstrust waarskynlik die vorm van 'n bewindtrust aanneem.

Uit die bogenoemde bespreking kan afgelei word dat die besigheidstrust nie bestaansreg het as 'n afsonderlike regsfiguur in die Suid-Afrikaanse reg nie, maar wel 'n verskyningsvorm van die trustfiguur is. Die term "besigheid" verwys bloot na die toepassing van die trust. Die benaming "besigheidstrust" skep slegs verwarring en dra nie by tot regsekerheid nie. Dit sal dus meer gunstig wees om 'n trust met 'n winsoogmerk nie 'n besigheidstrust te noem nie. Hierdie trust moet eerder 'n bewindtrust of 'n diskresionêre trust genoem word.

²⁷⁵ Par 3.2.

²⁷⁶ Par 3.2.

Bibliografie

Literatuur

Benade ML *et al Entrepreneurial Law*

Benade ML *et al Entrepreneurial Law* 3de uitg (Butterworths Durban 2003)

Cameron E en Honoré T *South-African law of trusts*

Cameron E en Honoré T *Honoré's South-African law of trusts* 4de uitg (Juta Kaapstad 1992)

Cameron E *et al Honoré's South-African law of trusts*

Cameron E *et al Honoré's South-African law of trusts* 5de uitg (Juta Kaapstad 2002)

Cilliers HS *et al Corporate Law*

Cilliers HS *et al Cilliers and Benade Corporate Law* 3de uitg (Butterworths Durban 2003)

Corbett *et al The Law of succession in South Africa*

Corbett MM *et al The Law of Succession in South Africa* 2de uitg (Juta Kaapstad 2001)

Davis DM *et al Estate Planning*

Davis DM *et al Estate Planning* 22ste uitg (Butterworths Durban 1998)

De Waal MJ en Schoeman-Malan *Inleiding tot die erfreg*

De Waal MJ en Schoeman-Malan *Inleiding tot die erfreg* 3de uitg (Juta Kaapstad 2003)

Du Toit F *South African Trust Law*

Du Toit F *South African Trust Law* 2de uitg (Butterworths Durban 2007)

Klopper HB *Besigheidstrusts*

Klopper HB *Besigheidstrusts* 3de uitg (Butterworths Durban 1988)

Olivier PA Ven den Berg G P J *Praktiese boedelbeplanning*

Olivier PA Ven den Berg G P J *Praktiese boedelbeplanning* 1ste uitg (Juta Kaapstad 1991)

Olivier PA *Trustreg en Praktyk*

Olivier PA *Trustreg en Praktyk* 1ste uitg (Butterworths Durban 1990)

Pace RP en Van der Westhuizen WM *Wills and Trusts*

Pace RP en Van der Westhuizen WM *Wills and Trusts* 9de uitg (LexisNexis Butterworths, Durban 2008)

Van der Merwe NJ en Rowland CJ *Die Suid-Afrikaanse Erfreg*

Van der Merwe NJ en Rowland CJ *Die Suid-Afrikaanse Erfreg* 6de uitg (JP van der Walt en Seun Pretoria 1990)

Van Dorsten JL *South African Business Entities*

Van Dorsten JL *South African Business Entities* 3de uitg (1993 Obiter Publishers Kaapstad)

Regspraak

Administrator, Estate Richards v Nichol 1996 4 SA 253 (K)

Aronson v Estate Hart 1950 1 SA 539 (A)

Banoo and Another v CIR 1947 4 SA (T)

Barnhoorn NO v Duvenhage 1964 2 SA 486 (A)

Braun v Blann and Botha 1984 2 SA 850 (A)

Cinema City Ltd v Morgenstein Family Estates (Pty) Ltd 1980 1 SA 42 796 (A)

CIR v Sive's Estate 1955 1 SA 249 (A)

Coetzee v Peet Smith Trust 2003 5 SA 674 (T)

Coetzee NO v Universiteit Stellenbosch 1959 2 SA 172 (K)

Colonial Banking & Trust v Est Hughes 1932 AD 1

Commissioner for Inland Revenue v MacNeillie's Estate 1961 3 SA 833 (A)
Commissioner for Inland Revenue v Smollan's Estate 1955 3 SA 266 (A)
Commissioner, South Africa Revenue Service v Dyefin Textiles (Pty) Ltd 2002 4 SA 606 (N)
Conze v Masterbond Partisipation Trust Managers 1996 3 SA 786 (K)
Crookes NO v Watson 1956 1 SA 277 (A)
Cupido v Kings Lodge Hotel 1999 3 All SA 578 (E)
Deedat v The Master 1995 2 SA 377 (A)
Doyle v Board of Executors 1999 2 SA 805 (K)
Erwee NO v Erwee NO 2006 1 All SA 626 (O)
Estate Hall v Findlay 1956 1 PH
Estate Kemp v McDonald's Trustee 1915 AD 491
Estate Watkins-Pitchford v Commissioner for Inland Revenue 1955 2 SA 437 (A)
Ex parte Bruton NO 1970 4 SA 154 (E)
Ex parte Elands Properties 1945 TDP 37
Ex Parte Executors Estate Kemp 1940 WLD 26
Ex parte Estate Klosterschulte 1962 2 SA 314 (T)
Ex Parte Henderson 1971 4 SA 549 (D)
Goodricke and Son (Pty) Limited v Registrar of Deeds, Natal 1974 1 SA 404 (N)
Greenberg v Estate Greenberg 1955 3 SA 361 (A)
Griessel v Bankorp Trust Bpk 1990 2 SA 328 (O)
Gross v Pentz 1996 4 SA 617 (A)
Harter v Epstein 1953 1 SA 287 (A)
Hofer v Kevitt NO 1996 2 SA 402 (K)
Hofer v Kevitt NO 1998 1 SA 382 (HHA)
Hoosen NO v Deedat 1999 4 SA 425 (HHA)
Hoppen v Shub 1987 3 201 (K)
Joubert v Van Rensburg 2001 1 SA 753 (W)
Jowell v Bramswell- Jones 1998 1 SA 836 (W)
Jowell v Bramswell- Jones 2000 3 SA 274 (HHA)
Land and Agricultural Development Bank of SA v Parker 2004 4 All SA 261 (HHA)

Land and Agricultural Bank v Parker 2005 2 SA 77 (HHA)
Lorentz v TEK Corporation Provident Fund 1998 1 SA 192 (W)
Marais v Naude en Andere 1987 3 SA 739 (A)
Mariola v Kaye-Eddie NO 1995 2 SA 728 (W)
Marks v Estate Gluckman 1946 AD 289
MAN truck & Bus (SA) Ltd v Victor 2001 2 SA 562 (NK)
Minister of Education v Syfrets Trust Ltd NO 2006 4 SA 205 (K)
Mohamed NO v Ally 1999 2 SA 42 (HHA)
Morley v Standerd Bank Trustees Department 1970 4 SA 299 (W)
Nieuwoudt v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk 2004 3 SA 468 (SCA)
Oosthuizen v Bank Windhoek Ltd NO 1991 1 SA 849 (Nm)
Peterson NNO v Claassen and Others 2006 5 SA 191 (K)
Pezzutto v Dreyer 1992 3 SA 379 (A) 390
Pretorius v CIR 1984 2 SA 619 (T)
Pretorius v CIR 1986 1 SA 238 (A)
Royal British Bank v Turquand 1856 6 E&B 327
Sackville West v Nourse 1925 AD 516
Schaumberg v Stark NO 1956 4 SA 462 (A)
Shillings CC v Cronje and Others 1988 2 SA 402 (A)
SIR v Rosen 1971 1 SA 172 (A)
Tijmstra NO v Blunt-MacKenzie NO 2002 1 SA 459 (T)
Trustees Two oceans Aquarium Trust v Kantey & Templer (Pty) Ltd 2006 3 SA 138 (HHA)
Van der Westhuizen v Van Sandwyk 1996 2 SA 490 (W)
Yarram Trading CC t/a Tijuana Spur v ABSA Bank Ltd 2007 2 SA (HHA)
Zinn NO v Westminister Bank Ltd 1936 AD

Tydskrifartikels

Beukes 2004 SA Mer LJ

Beukes HGJ "Does the *Turquand* rule apply to internal requirements in a trust deed?" 2004 *SA Merc LJ* 264-269.

De Waal 1998 *TSAR*

De Waal MJ "Die wysiging van 'n *inter vivos* trust" 1998 *TSAR* 326-330

De Waal 2000 *SALJ*

De Waal MJ 2000 "The Core Elements of the Trust: Aspects of the English, Scottish and South African Trusts compared," *SALJ* 548-571

De Waal 1991 *TSAR*

De Waal MJ en Theron L "Die aard van die trust in die Suid-Afrikaanse reg" 1991 *TSAR* 499-504

Flannigan 1984 *Est & Tr*

Flannigan RDM "Beneficiary liability in business trusts " 1984 *Est & Tr* 278-304

Jooste 2005 *SALJ*

Jooste R "A warning to everyone who deals with a trust" 2005 *SALJ* 66-72

Joubert 1986 *THRHR*

Joubert CP 1968 "'n Kritiese beskouing van Honoré se Opvattings oor ons Trustreg" *THRHR* 124-146

McLennan 2006 *SA Merc LJ*

McLennan JS "Contracting with Business Trusts" 2006 *SA Merc LJ* 320-335

Norton and Douglas 1994 *JBL*

Norton G and Douglas K "Buying property on behalf of a trust to be formed" 1994 *JBL* vol 2(1): 41-75

Sher 2005 *ISSN*

Sher H "A closer look at trust law" 2005 *ISSN* 77-80

Stander 1999 *TRW*

Stander L "Hoe veilig is bates in 'n Trust in geval van die sekwestrasie van die boedel van een van die betrokke partye?" 1999 *TRW* 145-170

Theron 1991 *TSAR*

Theron L "Die Besigheidstrust" 1991 *TSAR* 268-288

Theron *SALJ*

Theron L "Regulering van die Besigheidstrust" 1991 *SALJ* 277-292

Wunsh 1986 *SALJ*

Wunsh B "Trading and business trusts" 1986 *SALJ* (Juta Kaapstad en Johannesburg) 561-582

Skripsies en doktorale

Coetzee 'n *Kritiese ondersoek na die aard en inhoud van trustbegunstigdes se regte ingevolge die Suid-Afrikaanse reg* (LLD-doktoraal UNISA 2006)

Rafferty K I *Die nudum praeceptum in die Suid-Afrikaanse reg* (LLM-skripsie NWU 1999)

Wetgewing

Wet op Beheer oor Trustgoed 57 van 1988

Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas 45 van 2002

Wet op Beheer van Effektetrustskemas 54 van 1981

Maatskappyewet 61 van 1973

Wet op Onderverdeling van Landbougrond 70 van 1970

Koerant artikels

Van der Linde B “Saketrusts is nommerpas” *Finweek* 2 Februarie 2006 55